# *Maar Dit Was Nie So Van Die Begin Af Nie*

So, dis net soos 'n man wat geld in die bank het, maar hy weet nie hoe om 'n tjek uit te skryf nie, en die ander een kan 'n tjek uitskryf, en het geen geld in die bank nie, as jy ooit daardie twee bymekaar kon kry, sou jy dit gehad het.

2 As Pinkstermense net kon besef dat hulle nie die skuim van die aarde is nie, hulle is seuns en dogters van God, erfgename van alles deur Christus! Maar solank Satan jou bang kan hou om jou erfenis op te eis, dan het hy jou, sien, solank jy bang is daarvoor. Moenie bang wees vir enige Woord wat God geskryf het nie, want hang net jou *fase* aan enige punktuasie wat Daarin is, want dis reg, dis presies reg. En gaan dan net aan, as jy nie kan sien waarheen jy gaan nie, solank jy die Woord volg, beweeg in elk geval.

3 Soos Abraham, hy het nie, hy het nooit getwyfel aan die belofte van God deur ongeloof nie, hy het sterk gebly, het God geprys, in die wete dat dit in elk geval sou gebeur. Sien? En ons is die kinders van Abraham. As die Here wil, is dit waaroor ek met julle wil praat Sondagmiddag: *Abraham En Sy Saad Na Hom*. En ons hoop om Sondagmiddag 'n groot genesingsdiens te hê.

4 Ek dink dis baie mooi, dis my versoek altyd, dat wanneer daar baie kerke is wat borg, laat ons nie 'n Sondagaanddiens hê nie, sodat ons nie ons broers, ons mense, weghou van hulle kerke en dinge af nie. Ek dink elke persoon behoort op jou pos te wees wanneer jou kerk oop is. Dis korrek. Dis presies. Jy behoort by jou pastoor te staan, en by jou raad te staan, en by jou kerk te staan, en, maar wanneer ons 'n gesamentlike diens hou soos hierdie, as ons dit Sondagmiddag kan hê, dan kan elke persoon teruggaan na hulle kerk, miskien opgewonde met iets wat iemand gesê het, of 'n getuienis, of iets wat die Here gedoen het, of lied, of preek, of iets. En—en ek dink dan kan ons net aanhou beweeg soos daardie.

5 En ek, vir geld, ek het nooit bege-. . .Ek is twee-en-vyftig jaar oud nou die dag, en ek was in die bediening, in amper een-en-dertig jaar, ek het nooit 'n offerande in my lewe opgeneem nie, nog nooit een offerande in my lewe opgeneem nie, en ek is nooit van plan om dit te doen nie. So, ek het altyd gewerk, ek was pastoor by die Baptiste Tabernakel by Jeffersonville vir sewentien jaar sonder een sent, gewerk as 'n staatswildbewaarder, lynwerk, wat ek ook al kon kry om te doen, en my eie onderhoud betaal, en die kerk help bou. En ek glo nie

dat—dat. . .Ek is nie ten gunste van 'n klomp van hierdie groot geldprogram nie.

6 En wat as ek soveel geld moes kry as wat sommige van die broers moet? Wat as ek die onkostes van Billy Graham moes betaal? Wat as ek die onkostes van Oral Roberts moes betaal? Ek kon nooit na 'n klein plekkie soos hierdie toe kom en 'n diens hou nie. Maar ek hou daarvan om myself te hou waar ek geen uitgawes het nie, en dan waar die Here my ook al heen lei, kan ek gaan, sien, is ek onder geen verpligting nie.

7 Ek het pas 'n herlewing gehou in 'n kerk wat twintig mense gehad het. Dit was—dit was verskriklik, maar ons het dit gehou, en die Here het geseën en 'n groot ding gedoen. Mense het in vriespunt weer staan en huil en snik, en asem het op hulle gesig gevries, maar hulle is gered. So wat maak dit saak, solank hulle gered word?

8 En ek het nie enige geld nie, reken ek, as ek my rekening sou nagaan vanaand, en dit was. . .as ek nie in die rooi is nie, kan ek nie oor wees, omtrent, 'n honderd-en-vyftig dollar nie. So wat sou ek daarmee doen waar, miskien, Mnr. Roberts omtrent sewe, of agt, tienduisend dollar per dag moet hê? O, ek sou dit vir niks op my wou hê nie. Goeiste, o, goeiste! God het beter as dit geweet, Hy het geweet ek is nie, ek het nie soveel verstandelike vermoëns om te sorg vir sulke goed nie. Uh-huh. Ek—ek kon dit net nie doen nie. Ek's so dankbaar dat God manne het wat Hy. . .om dit te doen.

9 Toe ek gestaan het nie lank gelede nie, Broer Oral Roberts, ek onthou toe hy sy eerste diens gehad het, na my diens toe gekom het hier in St. Louis, en, of, na Kansas City, klein verslete tentjie wat daar oorkant staan, en hy het gesê: "Broer Branham, dink jy God sal my gebed vir die siekes verhoor?"

Ek het gesê: "Hy sal *enigiemand* se gebed verhoor, Broer Roberts."

10 En ek onthou Tommy Osborn, toe hy homself toegespyker het daardie aand toe die demoniak uitgehardloop het op die platvorm om my dood te maak, julle het die storie daarvan gelees, Portland Oregon, en toe het hy na my huis toe gekom, hy het gesê: "Broer Branham, o, dink jy ek het 'n gawe van genesing?"

11 Ek het gesê: "Broer Osborn, jy is 'n belowende jong man." Ek het gesê: "As dit aanhou, sal dit wees soos enige ander herlewing, dit sal gebeur dat 'n kêrel nie sal dink hy het 'n bediening tensy hy 'n genesingsdiens hou nie." Ek het gesê: "Moenie daaraan dink nie." Ek het gesê: "As God jou geroep het om die Evangelie te preek, het Hy jou geroep om vir die siekes te bid." En ek het gesê: "Bly net reg daarby." Sien?

12 Julle pastore het net dieselfde regte om vir julle te bid as enige evangelis op die veld. En as jou pastoor nie daar is nie, kan jou goeie, God-geredde buurman dieselfde doen, jou man, of

jou broer, jou kind, of wie dit ook al is. "Bely julle foute teenoor mekaar, bid vir mekaar, dat julle genees kan word." Dis waar.

13 So ek probeer nooit geld kry nie. En daardie twee broers wat ek genoem het, twee goeie, getroue, dierbare, God-geredde manne, is T.L. Osborn en Oral Roberts. Dis net die waarheid, hulle is goeie manne. Ek ken hulle albei vandat hulle bediening begin het, en hulle is baie goeie broers.

14 En ek het na Broer Osborn toe gegaan nou die dag, en soontoe toe ek 'n diens in Tulsa gehad het, en ek het gekyk hoe God hom geseën het. En hy's 'n groot sendeling, doen sendingwerk. En die geld wat julle na Broer Osborn toe stuur, word beslis reg gebruik, hy is 'n goeie, God-geredde man. En ek het in sy plek ingegaan, hy het sy arms om my gesit, begin huil, my gewys waar al die plekke was waar hy was, hy het gesê: "Broer Branham, dis deel van jou bediening." Hy het gesê: "As jy nie gegaan en gedoen het soos die Here het nie, en—en deur . . . vir jou gesê het om te doen . . . " gesê: "Ek is net een van jou studente," as't ware. Dink, 'n man van daardie kaliber wat vir 'n klein mensie soos ek vertel dat hy my student was, dit kos 'n baie soet, nederige gees.

15 En toe, toe ek daar was, het Broer Oral Roberts geval en sy been seergemaak. En ek het in sy lieflike, groot huis ingegaan daar, en ek kon nie beter behandel word as ek 'n Engel was wat uit die Hemel gekom het, toe ek vir hom gaan bid het nie. En hy het 'n knie gehad wat was . . . o, dit was in 'n verskriklike toestand. En terwyl ek gebid het, het die bloedare afgekom en 'n groot *V* op sy knie gevorm, reguit opgestaan en weggestap.

16 So ek het in sy huise ingegaan, en hoe pragtig, en mooi, en 'n groot huis, ek het net gehuil. Toe ek buitentoe gegaan en gekyk het na sy yslike groot gebou daar, hoe pragtig dit aanmekaar gesit was, alles in 'n drie-enige blok, en ek het daardie spieël daar van die hande sien afreik, en toe ek buitentoe geloop en gekyk het, ek het nog nooit enigiets êrens in die wêreld soos dit êrens gesien nie, en ek het gedink: "O God, Groot Jehova, hoe dankbaar is ek! Dit wys die geloof van een man wat regtig 'n houvas op God kan kry, en so-iets doen. Hoe dankbaar is ek!"

17 Toe het Satan vir my gesê, hy het gesê: "Hy moenie baie van jou dink nie. Wat as hy na jou plek toe kom en een tikmasjientjie sien sit daarbo aan die onderpunt van 'n karavaan? Watter soort kantoor sou dit wees?"

18 Ek het gesê: "Wel, ek doen die beste wat ek kan, dis al." Sukkel baie om ooit enige briewe te beantwoord. En ek het opgekyk, en ek het gedink: "Goeiste, ek sou dit beslis haat dat daardie broers na my plek toe kom, en my kantoor sien." Toe het ek net daar gestaan, iets soet het gebeur, en ek sal dit nooit vergeet nie, net so duidelik as wat ek ooit 'n stem in my lewe gehoor het, het Hy gesê: "Maar Ek is jou Deel."

19 En ek het gesê: "Dankie, Here. Ek sal graag daardie pad volg, want ek kan nie die mentaliteit hê om 'n wêreldwye radio te bedryf soos Broer Roberts nie, en die duisende siele wat hy bereik. Maar op my klein, nederige manier, as U my net sal help, en U my Deel sal wees, en ek sal U net volg, en waar U my ook al heen lei, dan sal ek—ek doen op die klein manier, die manier. . . " Want ons moet die klein rotsies hê, pas soort van in by die groot rotse.

20 Ek het 'n horlosie hier wat hulle vir my gegee het in Switserland, en dit het baie, 'n hele klomp klein meganismetjies, hulle is nie almal hoofvere nie, maar hulle moet almal beweeg om te maak. . .tyd te hou. So dis hoe ek dink, ons almal saam maak, ons beweeg almal op ons klein maniertjies om die tyd te hou, net presies.

21 En *hier* is my vinger, dit is beslis nie my verstand nie, dit is beslis nie my oog, of my oor nie, maar ek hoop dit besluit nooit om nie 'n vinger te wees nie, want dis nie my oog, of oor nie, want ek. . .is moeilik om daarsonder klaar te kom.

22 En miskien julle klein kerkie, sê julle: "Wel, Broer Branham, ons is net 'n baie klein groepie mense." Dit maak nie saak nie, julle speel 'n rol in die Liggaam van Christus, so gaan net, beweeg net soos die Heilige Gees julle beweeg. Julle beloning sal dieselfde wees aan die einde van die dag.

23 O, is Hy nie lieflik nie? Nou, binne 'n aand, of twee, as die Here wil, wil ons ons genesingsdienste begin, beweeg met die Heilige Gees en kyk wat Hy doen. Nou, baie mense gaan vrae vra, veral wanneer die kêrels hierdie foto's van daardie Vuurkolom gaan loslaat, en daar gaan allerhande soorte vrae wees. So ek hoop dat op die middagdienste, ensovoorts, dat hulle julle leer wat dit is, sien, presies.

24 Hoeveel het ooit die foto gesien? Ek reken omtrent almal van ons het dit gesien. Dit was regoor die wêreld. As. . .Hierdie een hier, wat ons nou het, is geneem hier by Houston, Texas, en is ondersoek deur die FBI, dis op vingerafdruk en dokument, wat George J. Lacy is.

25 En hy het vir my gesê daardie dag, daar gestaan in die Shell gebou waar al hulle koerante, ensovoorts was, hy het gesê: "Mnr. Branham, ek was een van jou kritici." Hy het gesê: "Ek het altyd gesê dat dit sielkunde was, jy het die mense se gedagtes gelees, en daardie mense wat gesê het hulle het 'n Lig gesien, ensovoorts," gesê: "Ek het gesê dit was net sielkunde, want hulle was opgewerk daarvoor." Maar gesê: "Eerw. Branham, die meganiese oog van hierdie kamera sal nie sielkunde afneem nie, die Lig het die lens getref." Hy het gesê: "Dit was daar."

26 So as enigiemand jou vra, ek gee jou my nederige opinie, as die Wegraping vanaand sou kom, en ons sou gaan volgens, ek sê dit nie om nederig te wees nie, ek sê dit omdat dit uit my hart

is, want as ’n man uit sy mond iets sê wat nie in sy hart is nie, dan is hy ’n huigelaar, en hy’s erger as ’n ongelowige, maar as die Wegraping gekom het, sou julle almal, miskien, voor my gaan, dit is waar.

27 Maar ek is so dankbaar om te weet dat God het, sonder ’n geleerdheid, sonder enige vermoëns, maar met ’n nederige gawe, het God my miljoen, of twee, siele vir Hom laat wen op die manier, die beste wat ek moet doen. En ek het geen. . . Ek het uitgekom, net my gemeenskap opgegee van die, nie die gemeenskap nie, maar net die gemeenskapskaart van die Baptiste kerk, Sending Baptiste, om te kan gemeenskap te hê met die Pinkstermense, en met alle mense, Metodis, Baptis, Presbiteriaan.

28 En ek het. . .Ek het ’n uitnodiging gehad om by die—die Gemeentes van God aan te sluit, die Kerk van God, en—en die—die Pinkster Heiligheid, en die Eenheid, en die—die—die Verenigde Pinksters, en al die verskillende groepe, wat almal goeie manne is, sover dit my betref, daar is Christene in almal van hulle. Maar ek het probeer om in die bres tussen hulle almal te staan, en te sê: “Ons is broers, kom ons . . . ” En die bietjie invloed wat ek het met die Evangelie, wat God my gegee het, probeer ek dit nooit op enige sekere organisasies plaas, behalwe op Christus nie, sodat almal Hom kan sien en glo.

29 Nou, die, daardie Lig, laat my net Daarby kom net ’n oomblik, want baiekeer. . .Dit is afgeneem in Duitsland net onlangs. Hulle het gevra of hulle kameras. . .En Duitsland het *die* lens, ons weet dit almal. En ek was by ’n predikersontbyt saam met baie. . .daar was nie enige Pinkster nie, hulle was almal verskillendes, die Anglikaanse, ensovoorts. En hulle het gevra of, ek reken daar was soveel by die ontbyt as wat daar net hier sit, of hulle kamera dit kon afneem.

Ek het gesê: “Ek weet nie, Dit behoort aan God.” En baie van hulle het gesê hulle het die Lig gesien. En so, toe het ek gesê: “Wel, julle het. . . ”

“Kan ons die Lig afneem, of, die foto’s neem?”

Ek het gesê: “Julle is welkom.” Hulle het een of ander *groot* kamera gehad wat ’n rol gemaak het soos dit gedraai het, o, manjifieke, groot kamera.

30 En dit was omtrent elfuur in die dag, ek het by die bopunt van die tafel gestaan, ’n paar honderd predikers toegespreek. En terwyl ek hierdie predikers toegespreek het, het ek die Gees van die Here voel kom, ek het gesê: “Nou, Hy kom.” En daardie kamera het begin om foto’s te neem, een net na die ander een, soos daardie, reg oorkant waar ek was.

31 En ek het gesê: “Hierdie man wat hier staan met sy kraag omgedraai soos ’n priester,” ons was in Lausanne, ek glo op daardie tyd, in plaas van Duitsland, ek het gesê: “hy is nie ’n

Switser nie, hy is ook nie ’n Duitser nie,” ek het gesê: “hy is ’n Italianer, en hy is ’n leier van tweeduisend kommuniste.” En ek het gesê: “Nou, om weg te kom daarvan, probeer hy ’n klein weeshuisie bo in die berge bestuur. Die rede waarom hy nie sy ontbyt geëet het nie, is omdat hy ’n maagprobleem het.”

32 En toe die tolk dit gegee het, het daardie man net flou geword, en in sy bord geval. Ek het gesê: “Eet jou ontbyt, want dis SO SPREEK DIE HERE, jy’s genees,” vir hom gesê wat sy naam was, wat hy gedoen het. En toe hulle die foto’s uitgehaal het om te kyk, het hulle die foto gekry—gekry van Hom wat afkom, toe hy gesalf is, en toe Hy weggegaan het. O, goeiste, dit het al die styfheid uit daardie predikers uitgehaal wat daar gesit het om te sien *daar* was die bewys.

33 Nou, laat ons net dink vir ’n oomblik, terwyl ons net ’n paar is, en ek het net ’n kort boodskap, vanaand, om met julle te praat. En dan wil ek graag dit vra, net, laat ons net daaraan dink as—as gelowiges: As God God is, dan kan Hy nie verander nie, kan Hy, broers? Hy’s oneindig, daarom moet Sy besluite altyd volmaak wees. Waaroor God ook al ’n besluit neem, dit kan nooit verander nie, want Hy het gesê Hy was God, en het nie verander nie. Kom ons vra hierdie vraag: Wat kan hierdie Lig wees?

34 Dit, nou, onthou, dit is net nie as gevolg van my nie, dis die Kerk. Sien? Vir my, is Dit Christus.

Julle sê: “Broer Branham, Christus wat ’n Lig is?” Ja.

35 Nou, ons vind uit, en hierdie goed-opgeleide predikers... En julle weet, van ’n aand toe ek voor manne gestaan het soos hierdie, wat regtig opgelei is, en slim manne, van die bediening, en van die Evangelie, en van die Bybel, en ek staan hier en weet, met ’n laerskoolopleiding, as... Ek het ’n kompleks, eerlikwaar. Baie manne wat daar sit vanaand, baie meer in staat, of, meer in staat as ek, om hier op die platvorm te wees, maar om hulle te sien sit en agter my gaan sit om te bid, dit maak my hart beslis sag.

36 Nou, maar net soos geestelikes, en broers, en susters saam, besef ons dat ons vind dat in die woestynreis, volgens die 13de hoofstuk, glo ek is dit, van Eksodus, die laaste paar verse: “Ek stuur My Engel voor jou uit, om julle op die pad te hou. Vrees Hom, want My Naam is in Hom, Hy sal julle oortredinge nie vergewe nie.”

37 Nou, ons weet almal dat daardie Engel die Vuurkolom was. Is dit reg? Dit was die Lig, ’n Vuurkolom wat voor die kinders van Israel uitgegaan het, wat hulle gelei het. Nou, ons is almal bewus dat dit die Engel van die Verbond was. Is dit reg? Wat Christus was. Omdat Christus dieselfde gesê het in Johannes 6, toe hulle gepraat het, Hy het met die Jode gepraat daar by die fees, en Hy... hulle het gesê: “Jy het gesê jy het Abraham gesien, en jy’s nie ’n Man ouer as vyftig jaar nie?”

38 Hy het gesê: “Voor Abraham was, IS EK. Ek is die Rots wat in die woestyn was.” Hy was die Vuurkolom, Hy was die Engel van die Verbond, so Hy was Christus in die woestyn. Ons glo dit almal, nie waar nie?

39 Nou, wanneer daardie Vuurkolom, Lig. . . En hoeveel weet dat God Lig is? Sekerlik, goed. En toe God vlees geword het, en gewoon het in die liggaam wat Hy geskape het, wat Sy eniggebore Seun was. . . Adam was Sy seun, ’n geskape seun, maar Jesus was Sy *gebore* Seun. En God was in Jesus, om die wêreld met Homself te versoen. Dit, ons almal glo dit, elke Christen glo dit, dat God in Christus was, want Hy het gesê: “Dis nie Ek wat die werke doen nie, dis My Vader wat in My woon, Hy doen die werke.”

40 Jesus het gesê in Johannes 5:19: “Ek doen niks, Ek nie die Vader dit eers sien doen nie, en wat die Vader My ook al wys, dit doen Ek. En Vader werk, en Ek werk ook net so.”

41 Nou, ons vind uit dat daardie Lig toe vlees geword en beliggaam is. Nou, Hy het, Jesus, die Seun van God, het die Gees onbeperk gehad. Is dit reg? Maar ons het Dit ten dele, maar Dis dieselfde Gees.

42 Nou, as ons oplet op die Dag van Pinkster, toe die Heilige Gees teruggekeer het, het daardie Vuurkolom Homself net verdeel, en Vuurtonge het op elkeen van hulle gesit, toe is hulle almal vervul met die Heilige Gees, en het begin praat in tale soos die Gees hulle gegee het om uit-. . . Nou, tonge, soos vuurtonge, het op elkeen van hulle gesit. Wat was dit? God, wat Homself verdeel het, die Gees waar Hy Jesus onbeperk Daarmee gehad het, en nou het ons Dit ten dele, maar Dis dieselfde Gees.

43 Soos as ek hier sou uitgaan na die oseaan, en ’n lepel vol water uit die oseaan sou kry, wel dit sou nie die oseaan wees nie, maar dieselfde chemikalieë wat in die lepel is, is in die hele oseaan. Wat in die oseaan is, is *hierin*, maar hierdie is dieselfde kwaliteit, maar nie in kwantiteit nie. So ons, met die Gees van Christus, word deel van Christus. Dit is waar.

44 Nou, ons vind uit dat toe Jesus hier was, het Hy gesê: “Ek het van God af gekom, en Ek gaan na God toe.” Is dit reg? Nou, ons vind dat toe Hy gesterf het, en begrawe is, en weer opgestaan het deur God, wat aan die regterhand van God gesit het, was Saul van Tarsus eendag op sy pad af na Damaskus, en hy is neergegooi deur ’n Lig, miskien, die Vuurkolom, ’n Lig, Dit is vir honderde en honderde en honderde jare nie gesien nie. En hy is neergegooi met hierdie Lig, en ’n Stem het uitgeroep: “Saul, Saul, waarom vervolg jy My?”

En hy het gesê: “Wie is U, Here.”

45 Hy het gesê: “Ek is Jesus.” Hy het uit die Vuurkolom gekom, vlees geword, onder ons gewoon, teruggekeer na die Vuurkolom, ’n Lig. Dieselfde Een het in die tronk ingekom, en Petrus laat

uitgaan, voor hom uitgegaan, die deure oopgemaak, en hom uitgeneem.

46 Nou, as Dit dieselfde Lig is, dieselfde Gees, sal Dit dieselfde ding in die Kerk doen wat Dit gedoen het toe Dit in Hom was, want Hy het gesê: "'n Klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle tot aan die einde van die wêreld." Nou: "En die werke wat Ek doen sal julle ook doen, meer as hierdie sal julle doen, want Ek gaan na My Vader."

47 Met ander woorde, die liggaam van vlees, die Seun, kon nie in elkeen inkom nie, maar die Gees van God wat in Hom was, kan terugkom, want Dis God wat neerdaal uit 'n Vuurkolom, enigiemand wat die berg aangeraak het, moet doodgemaak word, deurboor word met 'n swaard; toe 'n Mens geword, onder ons gewoon, Hom aangeraak, Hom geglo; Hy is gekruisig vir ons sondes, en opgewek vir ons regverdigmaking; dan deur Sy regverdige Bloed, word ons gereinig dat God in ons kan inkom en gemeenskap hou: God wat Sy Eie pad terug maak na gemeenskap met Adam se kinders, soos Hy het met Adam voor die val. En ons is verlos van die hele vloek van die val, en het nou die Onderpand van ons verlossing.

48 Vir my, my broers, vir my, nie omdat die Lig . . . Hy het nooit Sy foto laat neem net omdat dit ek daar was nie, nee, meneer, dis as gevolg van die Boodskap van Pinkster wat ek verteenwoordig. Hy's net soveel *daar* buite, en maak nie saak hoeveel 'n gawe *hier* sou werk nie, dit moet *daar* ook werk. Ek kan nie hierdie dinge doen sonder julle nie, ons moet saam wees as een, ons moet saam wees.

49 Jesus, toe Hy na Sy Eie land toe gegaan het, kon Hy baie magtige werke nie doen nie, as gevolg van hulle ongeloof, en ons moet die dinge glo wat na ons toe gestuur word. En ek weet, Christenbroer, suster, daar was baie dinge wat gesê is wat nie so was nie, maar gaan dit net na deur die Skrif en kyk of dit reg is. Dan as dit die Skrif is, en God getuig daarvan, dan is dit waar, dis God wat spreek dat dit waar is, eers deur Sy Woord, dan deur 'n bevestiging daarvan, dat dit die waarheid is.

50 So oor die doop van die Heilige Gees, ek glo dit waarlik met my hele hart. Ek glo in al die gawes van die Gees, profesie, praat in tale, uitleg van tale, en al die groot dinge wat in die Liggaam van Christus ingaan. En ek glo deur een Gees word ons almal gedoop in daardie Liggaam, en is lidmate, en medeburgers van die Koninkryk van God, en broers en susters van dieselfde kosbare geloof. Dis hoe ek staan, vanaand.

Laat ons nou ons hoofde buig, voor ons die teks lees vir 'n kort boodskap.

51 Genadige Here, ons nader U troon van genade, Here, nie U troon van geregtigheid nie, ons kon dit nie verduur nie, Here,

want ons pleit nie vir U wet nie, ons pleit nie vir U geregtigheid nie, maar ons vra om U genade. Wees ons genadig, Here, en onthou dat ons stof van die aarde is, en ons is onderworpe aan alle soorte foute, en ons bid dat U ons sal vergewe, soos ons nederig ons ongeregtighede bely.

52 Ons bid vir elke persoon in Goddelike Teenwoordigheid, vanaand, dat U dit sal wees, 'n Verlosser vir hulle, en 'n Geneser, en hulle Vreugde, en hulle Vrede, en hulle Gord, en hulle Skild, en hulle—hulle Standvastigheid. Skenk dit, Here.

53 Soos ons die buiteblaaie van hierdie Boek oopmaak, enige man wat fisies in staat is om die buiteblaaie oop te maak, kan dit doen, maar dit kos die Heilige Gees om die Woord oop te maak. Ons lees in die Bybel dat Hy wat op die Troon gesit het, 'n Boek gehad het, en Dit was van binne en buite verseël, en verseël aan die agterkant. En daar was geen mens in die Hemel, geen mens op aarde, of onder die aarde wat waardig was, of in staat om die Boek te neem uit die hand van Hom wat op die Troon gesit het nie. En daar het 'n Lam gekom wat geslag is vanaf die grondlegging van die wêreld, en Hy het die Boek geneem, die seëls daarvan losgemaak, en Dit oopgemaak.

54 O Lam, kom vanaand, in ons midde, en neem die Boek, en maak die seëls daarvan oop, en maak die Woord vir ons los, en voer Dit vir ons as ons groot Herder, en ons U skape, wat *so* graag Skaapkos wil hê. Skenk dit vir ons, Here, want ons weet Dit is U Woord. U Woord is Waarheid.

55 Ons bid dat die groot Engel van God, die Engele op-en-af in hierdie paadjie elke ongelowige sal oortuig, vanaand, dat hulle verkeerd is. En elke man sonder die Heilige Gees, seun of meisie, of 'n kind, mag hulle die Heilige Gees ontvang, vanaand.

56 Genees die siekes en die beproefdes, kry U die eer. En seën ons swak pogings soos ons ons diens aanbied. In die Naam van Jesus Christus, en tot Sy eer, staan ons. Amen.

57 By wyse van 'n teks, wil ek graag sewe woorde neem uit 'n —'n sekere vers in die Bybel. En hierdie, natuurlik, was Jesus wat gepraat het oor troue en egskeiding. Maar ek wil dit nie daar benader nie, ek wil net die woorde vir 'n doel hê. Dit word gevind in die 19de hoofstuk van Matthéüs, en die 8ste vers, en die laaste sewe woorde: *Maar Dit Was Nie So Van Die Begin Af Nie*.

58 As julle oplet, alles wat ons vandag het, het in Génesis begin. Génesis is die hoofstuk van die begin. *Genesis* beteken "die begin." Dis die saadhoofstuk van die Bybel. Jy kan regtig geskiedenis neem, soos *Hislop Se Twee Babilons*, en verskillende antieke skrywers, en kan amper die ware Kerk naspeur, en die sektes, en alles vandag, reg van Génesis af, hoe dit opkom, reg van Kain en Abel af, hulle reguit opbring, een, die aanbidder en antichris, en die ander een wat die Christus verteenwoordig, en hulle na Gólgota toe bring.

59 Baie mense sien net drie kruise op Gólgota, daar was vier. Een van hulle was die dief aan die een kant, die dief aan die ander kant, Jesus in die middel, en Judas het homself opgehang aan die wildevyeboom, wat die kruis is: "Vervloek is hy wat aan 'n boom hang." En daar was die Seun van God, wat van God af gekom het, teruggekeer het na God, die bekeerde sondaar saam met Hom geneem het; die seun van die verderf wat uit die hel kom en teruggekeer het na die hel, die onbekeerde sondaar saam met hom geneem het.

60 En net omtrent die tyd wat die Christus Sy Heilige Gees uitgestort het, Dit op die toneel verskyn het, het die antichris op die toneel verskyn; net omtrent die tyd, in hierdie laaste dae, toe die Heilige Gees Homself begin openbaar het, openbaar die antichris homself; en omtrent die tyd van die koms van Christus, kom die anti-gees ook, die antichris gees. So ons sien hulle werk saam met mekaar, Jesus het gesê: "So naby, dat dit die einste uitverkorenes sou mislei, as dit moontlik was."

61 Ek verskil van ons groot, beroemde Broer Billy Graham in sy boodskap nou die dag, hy het gesê dat die antichris alreeds die uitverkorenes mislei het, maar ek glo dit nie, want dis nie moontlik nie, hulle is uitverkies en hulle name geplaas op die Boek van die Lewe voor die grondlegging van die wêreld, toe die Lam geslag is.

62 Nou, wie dit is, weet ek nie. Sien? Maar die Lam is geslag voor die grondlegging van die wêreld, en die antichris sal almal op die aarde mislei wie se name nie geskryf was in die Lam se Boek van die Lewe van die grondlegging van die wêreld af nie. So julle sien, ons trek en trek om te probeer uitvind waar daardie mense is, wat hulle naam in die Lam se Boek van die Lewe geplaas is. "Almal wat Hy vooraf geken het, het Hy geroep, hulle wat Hy geken het. . .geroep het, het Hy geregverdig, diegene wat Hy geregverdig het, het Hy alreeds verheerlik."

63 So waaroor moet ons vrees? Die ding daarvan is, jy sê: "Wel, ons sal net los lewe," dit wys dat jou naam nie op die Boek is nie. Dis presies reg. Dit bewys dat jy nie was nie, wanneer jy enige soort lewe probeer lei, en, wat jy wil lewe, wys dit jy het Dit nie. As jy 'n ware Christen is, sal jy die ware Lewe lei, want die Lewe van Christus is in jou, en jy kan niks anders doen as om die Lewe van Christus te lewe nie.

64 Nou, ons vind uit in die begin. . .Ek het in die pad afgekom vanmiddag, en ek het uitgevind dat hierdie stad die tuiste is van hierdie beroemde *Funk Bastermielie*. Bastermielies, hoe dit was. . .Ek het dit regoor die nasie gesien, *Funk's*, ek glo dit is, *Bastermielies*. En ek het in 150 afgekom vanmiddag, en ek, of, vandag, omtrent middag, en ek het gesien, gesê: "Bloomington, Illinois, die tuiste van die *Funk Bastermielie*." En ek het gedink: "Wel, nou dis 'n—'n groot ding, dis 'n pragtige mielie, maar dit

beteken niks." Dis nikswerd. Enigiets wat verbaster is, is nie reg nie, dis 'n verdraaide ding, en dit—dit is nie sy oorspronklike nie. En enigiets wat nie oorspronklik is nie, is nie reg nie. God het alles reg gemaak in die begin.

65 En nou, ek wil net graag hierdie sê, omdat ek in 'n skool is, en ek wil hê iemand moet dit verduidelik: Julle weet, daar word vir ons gesê dat ons gekom het, en deur 'n evolusie ons gegroei het van 'n jellievis tot 'n aap, en toe tot 'n mens. Hoe gek is dit nie, wanneer Génesis die 1ste hoofstuk, en die 11de vers, God gesê het: "Laat elke saad voortbring van sy soort." Kruis jy daardie saad, maak dit dit net daar dood, dit kan nooit enigiets anders kry as dit nie, dis presies reg. Jy kan mielies verbaster, dit is waar, en 'n pragtige, groot mieliepit maak, maar jy kan nie daardie mielie weer plant en nog 'n bastermielie kry nie. Dis klaar sodra dit sy eerste oes gedra het, dit gaan weer reguit terug.

66 Teel van vee, jy kan 'n muil neem. . . Wat is 'n muil? 'n Muil is sy ma was 'n merrie perd, sy vader was 'n donkie. So julle sien, die. . . Maar die muil kan nie terugteel en 'n muil kry nie, hy's klaar, hy's steriel, dis al, dit beëindig dit.

67 So dit bewys wetenskap, wat in hulle eie veld beweeg, het hulle eie argument weerlê. Dis reg, dis die waarheid, want jy kan nie enigiets soos daardie kruisteel en—en nog 'n oes daaruit kry nie, julle boere weet dit. Jou bastermielies kan nie teruggeplant word nie, jy het geen oes nie, dis nikswerd. Uiteindelik speel dit homself heeltemal uit. Geen baster kan—kan hou nie.

68 Maar dit was die mens se idee van die eerste begin van tyd af om slimmer te probeer wees, of iets groter te doen as sy Skepper. Hy wil wees. . . hy wil sy Skepper wys dat hy slimmer is as wat Hy is. Wat doen hy? Net, God laat hom begaan, en maak homself uiteindelik dood.

69 Daar was 'n boom in die tuin van Eden wat die Boom van die Lewe genoem is, daar was een wat die Boom van Kennis genoem is. Toe die mens die Boom van die Lewe verlaat het, waar hy geëet het om vir ewig te lewe, die eerste hap wat hy van die Boom van Kennis geneem het, het hy homself afgesonder van God, en die dood na sy siel gebring. Dis reg. En van toe af, elke keer wat hy van daardie Boom van Kennis afbyt, vernietig hy homself.

70 Hy het kruit afgebyt, sy broer, sy kameraad, doodgemaak. Hy het outomobiel afgebyt, wetenskap. Wat doen hy? Maak meer dood as al die oorloë saam. Hy het nou vir homself 'n waterstofbom gekry, wonder wat hy daarmee gaan doen.

71 Sien, die mens vernietig homself met kennis, en hy sal nooit, met geleerdheid of kennis, ooit sy weg terugvind na God toe nie. En daardie boom, hy sterf by daardie boom. Ons het mense probeer opvoed daarin, ons het mense probeer denomineer daarin, jy kan dit nie doen nie, dit moet God se eerste, oorspronklike plan wees, deur die Bloed wat ons

terugkom na God. Dis God se pad en Sy. . .Hy het daardie fondament neergelê in die tuin van Eden, en dit is nooit verander nie, en sal nooit. Slegs deur die gestorte bloed sal God die versoening van die sondaar herken, is nou deur die gestorte Bloed van Jesus Christus.

72 Nou, ons vind uit, maar hy probeer altyd slimmer wees, iets beters doen. En dis waar, hy maak 'n mooier spesie, maar dit maak dit nie beter nie. En hy het nou verder gedink, totdat hy selfs 'n bastergodsdiens het, so ek wonder net wat hy daarmee gaan doen, waarheen hy gekom het met daardie plek. Maar hy probeer altyd slimmer sy Maker wees. Hy dink dat hy beter weet, en—en hy's . . .

73 En God vernietig nooit enigiets nie, die mens vernietig homself deur sy kennis. God vernietig nie enigiets nie, dis die mens, deur sy kennis, wat homself vernietig. So, daarom as julle tyd sou neem, teruggaan in die Skrifte, en die geslag van Kain nagaan en dan die geslag van Set, sal julle uitvind dat die—die geslag van Kain die slim manne was, die wetenskaplikes, die werkers van hout, die werkers van metaal, wetenskaplikes, en hulle het almal omgekom in die vernietiging voor die sondvloed. Maar die geslag van—van Set was nederig, boere, skaapboere.

74 So julle sien, dis altyd hierdie mense, waar ons vandag soveel klem lê op die slimmes en die intelligensie, baie van ons mense wat ons pastoor kies vir ons kerk, ons wil iemand hê wat regtig briljant, slim is, Ph.D. het, dubbel L.D., Q.S.T., allerhande dinge agter hulle name, en miskien nie meer van God weet as wat 'n Hottentot van 'n Egiptiese nag weet nie. Nou, dis waar. Nou, dit is 'n kru opmerking, vergewe die kru uitdrukking, maar dis waar. Hy mag allerhande Bybelteologie en geloofsbelydenisse ken, maar weet niks van God af nie.

75 Ek sou liewer 'n man by my kind wou hê, wat hom na God toe lei, wat nie die verskil tussen gesplete boontjies en koffie geken het nie, en—en God geken het in die krag van die opstanding van Jesus Christus, as om al die teologie te hê waaroor jy kan praat, en vir hom 'n groot sagte sitplek iewers laat inneem, hom laat kniel, en 'n paar goed laat sê, ek sou hom liewer daarbuite in 'n mielieland wou hê, of in die besembosplek langs 'n stomp iewers, hom laat deurbid tot God. Dis reg. Gaan terug na die oorspronklike. Ons ken nie vir God . . .

76 'n Paar jaar gelede, het hulle gedink hulle kon mense opvoed. En wat het ons nou? 'n Klomp geleerde heidene. Dis presies. En hulle is baie moeiliker om mee te werk as die ongeleerde heidene.

77 Nou, ek was in Afrika, en ek het sendingwerk gedoen in Thailand, en oral om die wêreld, omtrent elke nasie onder die hemele, en ek het nog nooit in my lewe mense gesien wat moeiliker is om mee te werk as die V.S.A. nie. As daar iewers is waar hulle regtig 'n sendeling nodig het, is dit in die

Verenigde State van Amerika, want 'n heiden is 'n ongelowige, en 'n geleerde ongelowige is baie moeiliker om mee te werk as een wat ongeleerd is. Nou, dit, ek sê dit nie om onbeskof te wees nie, maar dis die waarheid, en ek is verantwoordelik en sal op die Oordeelsdag moet antwoord vir my woorde. Dis waar, die ongelowige, slim man, uitgeslape wetenskaplike, tog kerngodsdienstig, en so was Kain ook.

78 As God net van 'n man vereis om kerk toe te gaan, 'n altaar te bou, en te aanbid, was Kain net so geregverdig soos Abel was, albei seuns het 'n altaar gebou, albei seuns het aanbid, albei het opofferings gemaak, albei het in God geglo. Maar wat het gebeur? Kain s'n is geweier omdat hy nie deur God se voorsiende weg gekom het nie. "En daar is 'n weg wat reg lyk vir 'n mens, maar die einde daarvan is die weë van die dood."

79 Maak nie saak hoeveel jy probeer kerk toe gaan, hoeveel kerke jy aan behoort nie, wat nie een ding daarmee te doen het nie, beteken nie een ding vir God nie, beteken nie eens jy het begin by die eerste begin van verlossing nie. Verlossing kom nie deur denominasie of deur geleerdheid nie, dit kom deur 'n ondervinding van wedergeboorte uit die Gees van God, met die Gees van Christus wat in jou liggaam woon. Nou, dit is waar.

80 Nou, ons vind uit dat destyds daar in die begin, toe mense begin het om te probeer verdraai wat God geskep het, die mens probeer verdraai om dit mooier te maak, dit aantrekliker te maak. En ek wens ek het net tyd gehad om na julle toe te gaan, wat gebeur met verdraaidheid.

81 Weet julle wat kanker veroorsaak? Verdraaide kos. Dis presies. Wat. . . Hulle sê, wetenskaplikes maak daarop aanspraak dat oor nog twintig jaar as hulle vroue laat aanhou om hoender te laat eet, en dinge, dis hierdie basterhoenders, ensovoorts, dat hulle nie meer in staat sal wees om kinders te hê nie; die ras sal uitsterf omdat die vrou nie geboorte kan gee aan die baba nie.

82 Wat het gebeur deur verdraaidheid? Ons is veronderstel om die korrel van die goed in sy oorsprong te eet. Maar wat dit is, die wêreld nou, die nasie in, dis net in 'n yslike groot verdraaidheidstoestand. Hulle—hulle het hoenders geneem en hulle gekruisteel, ensovoorts, en baster hoenders gemaak, totdat die arme hoender net 'n jaar kan lewe. Sy vleis is so sag, en hy het hom so gemaak dat hy nie eens enige vlerke het nie, of, skaars. Wel, hy's in 'n verskriklike toestand! En hulle—hulle—hulle eet daardie vleis in jou in, basterbeeste, en alles. Maar dis nie. . . Daardie hoenders kan hulleself nie terugteel nie, ook nie die beeste nie. Hulle is verbaster, hulle kan nie, hulle is gedaan. Presies reg.

83 En wanneer die kerk verbaster word, is dit gedaan, daarmee heen. Ek bedoel nie om onbeskof te wees nie, maar ek moet eerlik

wees, ek mag dalk nooit enige van julle ontmoet, uh, party van julle hier na vanaand nie, ons mag dalk nie môre sien kom nie, maar dan wil ons eerlik wees, en elke minuut van ons lewe moet ons eerlik wees.

84 Neem 'n muil, 'n muil is die domste ding wat ek ken. Maak nie saak wat jy ooit doen nie, jy kan hom nie enigiets leer nie. Hoekom? Hy's 'n baster. Dis al. Hy. . . Jy sal hom nooit niks leer, of hom enigiets leer nie, hy sit net daar. Jy kan hom noem, hy het geen gevoelens nie, hy sal daar staan met sy ore op en: "Ho, ho." Hy weet nie, hy's net 'n donkie, hy's 'n muil.

85 Laat my dink aan party mense, party van hierdie moderne, fantastiese muilgodsdiens wat hulle vandag het, ingeteelde godsdiens, soos 'n klomp donkies wat sit, en sê: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, Hy's die Geneser, Hy gee die doop van die Heilige Gees," sal hulle skree: "*Ho*, *ho*, die dae van wonderwerke is verby, *ho*, *ho*." Sien, hulle weet nie waar hulle vandaan kom nie. 'n Muil weet nie wie sy mammie is, wie sy pappie is nie, en hy's in elk geval gedaan. Hy weet nie, daar is niks aan hom nie, hy's 'n—hy's 'n, net 'n buite-egtelike ding.

86 En dis hoe party van ons godsdienste word. Dis reg. Hulle ken nie die Bybel nie, hulle ken nie God nie, die enigste ding wat hulle weet dat daar net een of ander plek is waar jy kerk toe gaan, iemand het hulle ingeneem as lidmate, hulle het hulle brief van 'n *ander* kerk af gebring, en hulle het hulle in *hierdie* kerk ingeneem. Hulle sal in die diens sit vir 'n paar minute totdat jy iets sê waarvan hulle nie hou nie, en hulle het is nie eers goed, ordentlik opgevoed nie, hulle sal opstaan en uitgaan, dis nie eens Amerikaans nie.

87 My ma het my grootgemaak met beter maniere as dit. As ek in 'n diens ingegaan het, sou ek genoeg van 'n heer wees om stil te sit en te luister, of ek sou nie eens in die eerste plek gaan nie. Dis reg. Dit wys nie eens goeie maniere nie. Geen wonder ons het jeugmisdaad nie, ons het 'n klomp ouermisdaad wat dit veroorsaak het. Dis reg.

88 Nou, wat 'n klad is dit op die kerk, en op Christus, en op die saak! Ja, 'n muil, hy's net 'n ou onkundige baster, weet niks nie, net hy weet. . . En hy sal 'n leeftyd wag om jou te skop wanneer hy op sterwe is, dis reg, enigiemand enigiets van 'n muil weet.

89 Maar, o, ek hou van 'n goeie opreggeteelde perd, niks mooier nie. Hy is opreggeteel, hy weet wie sy pappa was, wie sy mamma was, wie sy oupa was, wie sy oupagrootjie was, hy is opreggeteeld.

90 En ek hou daarvan om 'n baie goeie, opreggeteelde kerk te sien, en Christen wat weet Wie hulle Vader is, wat weet dat God hulle Vader is, weet dat hulle gebore is uit die Heilige Gees, hulle kan dit nagaan deur elke geslag, al die pad terug tot aan die begin. Nie: "Ons het begin toe Luther het. Ons het begin

toe Wesley het. Ons het begin toe iemand anders het," nie. "Ons het begin toe Christus Sy Gees uitgestort het op die Dag van Pinkster," opreggeteel. Amen. Broer, spreek jy die Woord van God, kan hy: "Amen," daarop sê. Laat hom die Heilige Gees kry, hy tree net presies op soos hulle het aan die begin, want hy is opreggeteel.

91 *Sjoe!* Ek voel soort van godsdienstig net nou. Ja, amen. Raak so siek van hierdie ou stywe goed. Ek hou van ware godsdiens, ware, ware krag van God, sien. Waarom moet ons hierdie ou ingeteelde donkies wees met allerhande goed ingemeng, en nie weet waar ons vandaan kom, waaraan ons behoort nie? "As die Metodiste ons nie reg behandel nie, sal ons by die Baptiste aansluit. Die Baptiste ons nie reg behandel nie, gaan ons na die Presbiteriane toe, of elders."

92 Laat ons teruggaan na Gólgota en die ware stamboom van die Heilige Gees in ons kry, dan weet jy waar jy staan, jy weet Wie jou Vader is, en elke keer dan, die Bybel enigiets sê, beklemtoon jy dit met 'n: "Amen." Bybel het gesê: "Jesus Christus dieselfde gister, en tot in ewigheid."

Die ou donkie sê: "Ek weet nie daarvan nie."

93 Maar die ware, egte opreggeteelde sê: "Amen!" Ja, meneer, hy is opreggeteel. Sy oorsprong kom al die pad van Pinkster af, die heelpad af, so hy weet waar hy staan. Hy's 'n ware, egte artikel van God, gebore uit die Heilige Gees, gewas in die Bloed van die Lam.

94 Daardie Kerkie het al vir vyftienhonderd jaar deur die donker eeue gegaan, totdat Dit regtig in die minderheid was. Ek het nou die dag met 'n priester gepraat wat 'n onderhoud gevoer het, hy het gesê: "Ons het begin by Pinkster."

95 Ek het gesê: "Dis presies die waarheid, maar waarom het julle dit verlaat, is wat ek wil weet. Hoe het julle dit ooit verloor?" Ek het gesê: "Wat hulle destyds daar geleer het, as dit die eerste pous was, Petrus was, waarom doen julle dit dan nie vandag nie?"

Gesê: "Wel, ons het vergifnis van sondes. Ons glo dat Jesus gesê het: 'Wie se sondes julle ook al vergewe, hulle word vergewe.'"

96 Ek het gesê: "Dis waar." Ek het gesê: "Vergewe hulle dan soos die eerste pous het op die Dag van Pinkster. Toe het ek," het ek gesê: "ek's 'n outydse, ek's die outydse Katoliek." Ek het gesê: "Wat was dit? In die tweede kerkeeu het hulle gekry wat hulle noem 'die werke,' het Jesus gesê: 'van die Nikolaïete.' *Nikao*, die lekedom te 'oorwin.' En in die derde eeu toe, die Smirna, die huwelikstydperk. En toe het die Thiatire gekom, en hulle het 'n yslike groot organisasie gemaak, en haar platgevee, en alles uitgewis, en daardie klompie ware gelowiges van Pinkster is onderdruk."

Hy het gesê: “Wel, dit bewys dat die Katolieke kerk ’n groot kerk is, kyk na die groot storms wat sy verduur het.”

97 Ek het gesê: “Met die—met die staat en al die res agter haar, en al die hooggeplaastes? Dis geen wonder nie. Hoe het die Pinkster dit laat *herleef* met alles teen hulle behalwe God?” Amen. Maar ons staan steeds by die doop van die Heilige Gees.

98 Waarom wil julle ’n plaasvervanger neem wanneer die hemele vol egte Pinksterkrag is? Waarom sou ek ’n handdruk neem, of een of ander droë-oog belydenis, wanneer die Heilige Gees die kamer vul, en gereed is om jou hart te vul met die ware, egte Pinkster? Waarom sou ons een of ander plaasvervanger daarvoor neem? Laat my Christus hê. Amen, waarlik.

99 En as die Lewe van Christus in jou is, sal Dit dieselfde ding doen. Dit was God se voorbeeldkerk, was Pinkster. As ons daarop aanspraak maak om van daar af te begin, wat het dan gebeur? Wat het langs die pad plaasgevind? Ons sal later daarby uitkom, as julle my net ’n bietjie sal uithou.

100 Nou, let op, nou, ons vind uit dat in hierdie groot kerk, hierdie groot eeu van verdraaidheid, die homoseksuele, ek het ’n tydskrif opgetel, of, dit was nie ’n tydskrif nie, dit was ’n koerant in Kalifornië ’n paar weke gelede, toe ek daar in Los Angeles was, en hulle gesê het dat homoseksueles veertig persent toegeneem het. Dink daaraan, veertig persent van wat dit ’n paar jaar gelede was. Wat is dit? Verdraaidheid. Mans, vroue, alles word verdraaid. Dit is nie meer terug na die oorspronklike nie. Die gewone, natuurlike van die lewe word verander in mense, sy verstand is verander, sy gees is verander, hy het alles verander van die oorspronklike af. O, is dit nie ’n jammerlike ding nie? Dis so ’n. . .

101 Wel, dis presies wat die Bybel gesê het: “Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens.” God kan nie Sy Gees uitstort op regverdige mense en regverdig wees nie, hulle moet in hierdie toestand kom vir die oordele van God. En ons is nou omtrent daar, vriende. As julle net die res van die week bly, miskien sal die Here dit openbaar, en ons sal sien wat. . .hoe naby ons is, een van hierdie aande, aan die Koms van die Here. Moet nooit dink aan die groot skares nie, dis die minderheid, dis die klein Kerkie waarnatoe God kom, onthou dit. Goed.

102 Eva was die eerste een wat die menslike ras verdraai het, sy was die een, die Eva, wat ’n kerk verteenwoordig. ’n Vrou in die Bybel verteenwoordig altyd die Kerk. Christus kom vir ’n verloofde maagd. Die ou prostituut van die Bybel is genoem: “die kerk wat op die sewe heuwels sit,” die Roomse kerk, egter, kerk, en sy het dogters gehad, wat die ander was wat haar gevolg het en uit haar uitgekom het, uit haar gebore is, in hulle selfde denominasionele grense en dieselfde ding, dieselfde soort stelsel.

103 In daardie kerke is goeie mense, maar dis die stelsel wat hulle bind, dis nie die kerk self nie, dis, die mense in die kerk, dis die stelsel daaragter wat hulle bind, hulle in 'n plek plaas, gemeenskap verbreek, hulle nie wil laat aangaan met God nie. Dis 'n jammerlike ding, maar dis wat dit doen. Dis wat God haat, nie die mense daarbinne nie, maar die stelsel wat hulle bind, is wat Hy haat, is daardie organisasie wat vir hulle sê as hulle na 'n ander kerk toe gaan, gaan hulle geëkskommunikeer word, en die mense weet nie wat om te doen nie. Hulle sal eendag daarvoor betaal.

104 Maar Eva, hoe het sy verdraaid geraak om die eerste verdraaide godsdiens te begin? [Leë kol op band—Red.] . . . vir 'n oomblik. Dis wat sy gedoen het. Satan het haar *iets* van God se Woord gegee.

105 Dis presies wat Satan die heeltyd probeer doen het, dis wat hy vanaand doen, dis wat hy in Bybelskole doen, dis wat hy doen in hierdie teologiese kweekskole, hy gee iets van die Woord en voeg dan een of ander mensgemaakte woord daarin, dis presies reg, wat dit 'n bastergodsdiens maak.

106 O, ons het die mooier kerke, sekerlik, bes-geklede skares, hoogs geleerd, met predikers met allerhande kollege grade, en sulke dinge. Maar wat kan ons doen? Ons kan nie weer teruggaan na die Oorspronklike nie, want jy kan nie jouself terugbring nie, net so min as wat 'n muil kan teruggaan. Julle moet wedergebore word as individue, deur die Gees van God by Pinkster, dis reg, die seëning wat geval het.

107 Pinkster is nie 'n organisasie nie, Pinkster is 'n ondervinding wat kom na Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, Katolieke: "Wie ook al wil, laat hom kom." Pinkster is nie 'n organisasie nie, jy kan nie seëninge van God organiseer nie. Dis gratis vir enigiemand wat sal kom en dit ontvang, en hulle kom uit alle verskillende vlakke van die lewe, en alle verskillende kerke.

108 Maar Eva het probeer om party van die dinge te neem wat Satan vir haar gesê het, party van die dinge wat God vir haar gesê het, en daardie presiese daad gepleeg, en dis waar sy verloor het, dis waar sy verbaster is. Toe het die saad van Satan aangekom, gaan nog aan, die saad van Satan. Daardie ding is so 'n . . . Baster is so 'n bose ding in die oë van God!

109 'n Kind in die Ou Testament wat verbaster was, gebore buite die heilige eg, kon nie eers in die gemeente van die Here kom vir tien geslagte nie, het tien geslagte geneem om dit uit te teel. Dis vierhonderd jaar om 'n buite-egtelike kind uit te teel, kon nie eens in die gemeente van die Here inkom nie. Verbastering, 'n vrou wat met 'n gelofte aan haar man verbind was, en saam met 'n ander man lewe, en 'n baba by hom kry, 'n verskriklike ding!

110 Vandag, het ons soveel stry en baklei oor hierdie segregasie van wit en gekleurd, en alles. Waarom los hulle dit nie uit nie?

Los dit soos God dit gemaak het. Sê my watter regte, goeie, slim, intelligente, pragtige gekleurde vrou sou 'n baba by 'n wit man wou hê om dit 'n mulat te maak? Nie sinvol nie. Baie dinge wat die gekleurde mense het, is ver bokant die witman.

111 Ek dink aan daardie gekleurde prediker, wat daaronder gestaan het daardie dag in Shreveport, hy het gesê: "Ek was nooit skaam om 'n swart man te wees nie. God het my 'n swart man gemaak, en ek waardeer my Skepper wat my so gemaak het, dis soos Hy my wou hê. Maar," gesê: "vandag, om my mense te sien maak soos hulle maak, dan is ek skaam ek's 'n swart man." God seën sy getroue hart. Sekerlik.

112 Wat sou 'n wit vrou wou hê om 'n baba by 'n gekleurde man te hê, dit 'n mulatkind te maak? Dis nie verstandig nie. As God 'n man wou hê bruin, swart, wit, watter kleur Hy hom ook al wou hê, dis God se skepping, dis hoe hy dit wou hê. Hy wil wit blomme hê, blou blomme; God is 'n God van verskeidenheid. Hy hou van groot berge, klein berge, woestyne, vlaktes, wit, swart, kort, vet, en wat ook al. God is 'n God van verskeidenheid.

113 As ek 'n gekleurde man was, of 'n bruin man, of 'n geel man, of 'n rooi man, sou ek net so bly daaroor gewees het. Ja, meneer. Ek sou beslis. Dis hoe my Maker my wou hê en dis hoe ek is. Reg. Waarom wil die mens met enigiets peuter? Wanneer die mens daarin kom, ruïneer hy dit. Los dit uit, soos God dit gemaak het. Laat 'n man wees wat hy is, laat hom deur die genade van God wees.

114 Maar hy moet nou groot bakleiery veroorsaak, roep ons . . . wat onluste veroorsaak, en groot bakleiery, en al die res oor die nasies, en oor die wêreld, net omdat hy sy kop wou uitsteek oor iets, dis die onkunde van die mens, dis reg, weer verbaster. In plaas van om dit te los soos God dit wil hê, wil hy sy eie ding doen. Hy moet iets daaraan doen, julle weet, hy moet vir hom 'n naam maak. God wees hom genadig, dis 'n jammerlike ding.

115 Goed. Nou, die Woord wat God vir Eva gesê het, toe het Satan verby gekom en erken daardie deel van daardie Woord was reg, maar gesê: "*Sekerlik* is hierdie deel nie reg nie."

116 Nou, is dit nie net presies soos sommige teologiese kweekskole vandag leer nie? "O, daar is 'n God. Ons glo in Jesus. Sekerlik, Hy's die Seun van God, ek glo dit. O, ek glo in Sy sigbare verskyning. Maar nou, wanneer Hy kom om 'n Geneser te wees, of al daardie Heilige Gees goed, uh, ag, ag, huh-uh." Sien, dis daardie selfde baster. Die Bybel het van hulle gepraat, gesê hulle sou in die laaste dae wees, roekeloos, verwaand.

117 Hier nie lank gelede nie, is ek genooi om by 'n skool te preek, toe hulle uitgevind het ek het 'n graad sewe-opleiding gehad, gesê: "O, ons kan dit nie voor ons studente plaas nie." Hulle kon dit nie voor die studente plaas nie.

118 Hoe dit van Paulus verskil! Paulus het gesê: "Ek het nooit na julle toe gekom met wysheid van mense, verleidelike woorde, dat julle geloof gebou sou word op die wysheid van mense nie, maar ek kom na julle toe met die krag, en demonstrasie van die Heilige Gees, dat julle geloof gebou sal wees in God." Vandag, vandag wil hulle 'n opvoedkundige skool daarvan maak, lees, en skryf, en rekenkunde.

119 Toe ek by Afrika gekom het onder my gekleurde broers, wat het hulle geweet? Lees, skryf, en rekenkunde, dit was nie hulle plig nie. Dis waarom toe hulle 'n regte, egte, bewegende God in die midde van die mense sien inkom het, dertigduisend Christus aanvaar het met een altaar-oproep, Durban, Suid-Afrika. Die boek gee dit daar. Sien? Dis reg.

120 Bombaai, Indië, daar was waarskynlik vyfhonderdduisend mense wat die diens bygewoon het, moeilik om te sê hoeveel op een slag gekom het. Dis nie lees, skryf, en rekenkunde nie, jy kry nie mense by God daardeur nie, dis die Evangelie. Die Evangelie het nooit net deur Woord gekom nie, maar deur die krag, en die manifestasies van die Heilige Gees. Jesus het gesê: "Gaan in die hele wêreld in, en verkondig die Evangelie. Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Kos meer as om net 'n Woord te onderrig, dit kos 'n manifestasie van daardie Woord om hierdie tekens te laat volg, dis reg, God wat Homself manifesteer.

121 Iemand het gesê: "Wel, kom, hoekom doen jy nie *hierdie* nie, hoekom doen jy nie *daardie* nie?" Wel, broer, ek sal liewer daarbuite 'n fout maak, om iets reg te probeer doen, as wat ek mense sou probeer beroof van die laaste hoop wat hulle het. As ek 'n fout maak. . .Ek het gebid vir honderde mense wat nooit gesond geword het nie, maar ek sal liewer vir daardie mense 'n God wys, en 'n Bybel, en 'n Christus wat wel genees, as om hulle te probeer beroof van die laaste kans wat hulle het om ooit gesond te wees.

122 Sê jy het die mensdom lief en weerhou daardie dinge van hulle, sal wees soos om te gee, om melk aan 'n sterwende baba te probeer gee, en dit van hom weg te neem. Dis nie reg nie, daar's iets verkeerd. Rede waarom hulle dit doen, is deur verbastering, omdat hulle aanvaar dat hulle kerk hulle daarvoor sal uitsit, reg, verbaster. Ja, die Woord, en moenie die Woord met niks meng nie.

123 Julle weet, Satan het dit eenkeer op Jesus probeer. O, ja. Eenkeer het daar Een uit die Hemel gekom om hierdie bastertoestand te verander. So soos hy Eva versoek het, het hy Jesus ook versoek, Hom daar bo-op die berg gekry, hy het gesê: "Nou, *as* jy die Seun van God is, wil ek hê jy moet 'n wonderwerk doen sodat ek jou dit kan sien doen." Daardie selfde ou duiwel lewe vandag, net in ander mense; daardie selfde Gees van Christus lewe vandag, net in ander mense, julle sien, reg. Die man gaan, maar die Gees gaan nooit.

124 So toe het hy Hom bo-op die berg geneem, hy het gesê: “Nou, *as* jy die Seun van God is,” Hom versoek met die Woord, gesê: “dis geskryf in die Bybel: ‘Hy sal Sy Engele opdrag gee aangaande jou, dat jy nie op enige tyd jou voet teen ’n klip stamp nie, jou optel,’” sien, deel van die Woord.

Maar Hy het nie Sy voet teen ’n klip gestamp nie, so Hy het gesê: “En daar staan ook geskrywe!” Amen.

125 O, hy het toe geweet hy het Iemand anders daar as Eva, hy kon nie hierdie Een verbaster nie. Nee, meneer. Hoekom? Hy het gekom om ’n lewende geloof terug te teel na Adam se geslag in die lewende Woord van die lewende God. En Hy het net daar bewys deur Sy optrede, dat die swakste gelowige op aarde die duiwel kan verslaan met die geskrewe Woord van God. Hy was God Self, gemanifesteer in vlees, het krag gehad sonder perke, maar Hy het hulle nooit gebruik nie. Wat het Hy gedoen? Hy het Satan verslaan op dieselfde Ding waarop Satan Eva verslaan het. Amen. Hy het daardie keer die sand in sy oë gestrooi.

126 Toe hy die Woord van God vir Eva verdoesel het, en sy het dit geglo, maar toe hy gekom het om dit te probeer verdoesel vir Jesus, het hy misluk. Ja, meneer. Hy het misluk omdat Hy by die Vader se Woord gebly het, gesê: “Daar staan geskrywe, jy moet die Here jou God aanbid, en Hom alleen dien.”

127 Wat het hy gedoen? Satan het gesê hy het Hom uitgelos, want Hy het die Woord van God geneem, Dit was geen baster vir Hom nie. Hy was die onvervalste, maagdelik-gebore Seun van die lewende God. Hy sou Hom nie verdoesel nie, die Woord verdoesel nie, Hom nie verbaster nie. Nee inderdaad nie, Hy is uit God gebore. Hy het van God af gekom, Hy het na God toe gegaan, Hy het by God se Woord gebly, Hy het nooit enigsins Daarvan afgewyk nie. Toe Hy gekom het, het Hy die tekens van die Messias gedoen wat die Bybel gesê het Hy sou doen, en die ongelowige, basterkerk in daardie dag het dit nie geglo nie. En wanneer Hy dit vandag doen, glo hulle dit steeds nie, want dis verbaster.

128 Gesê: “Dit was nie so van die begin af nie.” Toe Hy gekom het, het Hy manne gevind wat dinge leer wat nie in die Bybel was nie, en toe het Hy gesê: “Dit was nie so van die begin af nie.” Ek wonder as Hy vandag sou kom, sou Hy baie van hulle dinge vind wat nie in die Bybel was nie, Hy sou dieselfde ding sê: “Dit was nie so van die begin af nie.” Dis waar.

129 Nou, ons let op die dinge wat Hy gevind het, toe Hy gekom het, het Hy die kerk gevind. . . Luister, en laat dit goed en diep insink. Toe Hy gekom het, wat het Hy gevind? Hy het mense gevind wat na die kerk gesoek het vir verlossing. En wat het hulle gekry? ’n Klomp geloofsbelydenisse. En daardie selfde ding bestaan vandag, ’n klomp mensgemaakte geloofsbelydenisse.

130 Verlossing kom slegs deur die Bloed en dit alleen. En as jy verlossing het, het Jesus Christus gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg. En die werke wat Ek doen, sal julle ook." Dis verlossing, dis die bewys daarvan, dit sal dieselfde wees.

131 Oorkant in die heidenlande, mans en vroue, ek het hulle daar sien opkom wat nie eens geweet het watter regter- en linkerhand was nie, en wanneer hulle die Heilige Gees ontvang, weet julle wat hulle doen? Dieselfde ding wat julle doen, praat in tale, God prys, op-en-af spring, aangaan net soos julle maak. Dit wys dat dit God is.

132 En ek wil hê julle Amerikaanse vroue moet dit in julle laat insink: Jy moet hierdie ou, vuil kleertjies aantrek om uit te kom en die erf te sny wanneer die mans van die werk afkom, julle dogters dieselfde ding laat doen. Nou, ek het twee meisies, hulle mag dit een of ander tyd doen, maar, broer, wanneer hulle dit doen, uitgestrek op die oewer iewers, gesê om te sonbrand, sal hulle 'n sonbrand kry, dit sal Mnr. Charlie Branham se seun wees met 'n lat in sy hand. Hulle sal goed gebrand word, daar's geen twyfel daaroor nie. Dit sal my vader se seun wees wat dit doen. Sien? Maar nou, daardie—daardie vandag. . .En hulle. . . Ons was veronderstel om beskaafd te wees.

133 Ek het 'n dame sien inkom nou die dag, onder by hierdie Cliftons se Kafeteria. . .Gene, ons was daarbo. Broer Arganbright sou vir my 'n pak klere koop, en ek het vir hom gewag, want ek het een nodig gehad. En—en hy sou vir my 'n pak klere koop, en ek het daar by Clifton's gewag, en ek het gewag vir hom om in te kom, en ek het 'n—'n vrou sien inkom en ek het gesê: "Goeiste, daardie arme ding!" Ek het na haar gekyk, ek het gedink. . .Julle weet, ek—ek—ek het gloukoom gesien, ek het oftalmie gesien, ek het melaatsheid gesien, maar ek—ek het nog nooit so-iets gesien nie, daar was iets verkeerd met die vrou se oë. En ek het gedink: "Wel, ek dink ek sal soontoe gaan en daardie suster vra, vir haar sê dat ek 'n prediker is, en—en haar vra wat verkeerd is, en of ek vir haar kan bid."

134 En so het ek soontoe begin gaan, en 'n ander vrou het gekom wat dieselfde lyk, ek het teruggegaan. Sy sou my waarskynlik geklap het as ek haar gevra het. Maar julle weet, sy het haar oë *hier* groen geverf gehad, blou *hier* agter, die verskriklikste gesig wat ek ooit in my lewe gesien het.

135 Nou, vroue, en as julle daardie goed gaan dra, wat julle dit nie behoort te doen nie, julle behoort dit nie te doen nie, maar waarom probeer julle in elk geval nie soos 'n mens lyk nie? Nie soos een of ander soort van iets wat geval het uit 'n, lyk, uit 'n ondernemer, of iets nie. Ek—ek. . .Probeer ten minste menslik wees daarmee.

136 En ek glo glad nie daarin om dit te dra nie, ek glo nie julle is veronderstel om dit te doen nie. Daar was net een vrou in die

Bybel wat ooit haar gesig geverf het om 'n man te ontmoet, (Geen vrou verf haar gesig om God te ontmoet nie, jy verf jou gesig om mans te ontmoet.), en haar naam was Isébel. Weet julle wat God met haar gedoen het? Hy het haar vir die honde gevoer. So wanneer julle vroue sien verf dra, weet julle dis Mejuffrou Hondevleis, God gee haar vir die honde, dis al waarvoor sy geskik is, is hondevleis.

137 Dit was altyd dat Pinkstervroue dit nie gedoen het nie, maar ek weet nie wat gebeur het nie. Dit was altyd verkeerd vir Pinkstervroue om hulle hare te sny. Dis reg. Die Bybel sê enige vrou wat haar hare sny, haar man het 'n reg om haar te skei, in egskeiding, want sy is nie 'n eerbare vrou nie. Die Bybel het dit gesê, o, Hy het beslis, het beslis. O, wat nou? Daar het julle dit.

138 Wat ons nodig het, is Evangelie van die preekstoel af: "Regmaak," al die pad van die preekstoel tot by die opsigter. Dis reg. Ons het die outydse, Paulus se herlewing en die Bybel se Heilige Gees nodig. God verander glad nie. Hy's... Dit was Sy besluit, Hy wou hê mans moet anders lyk as vroue, vroue as mans, anders aantrek, en dis hoe Hy hulle gemaak het. Wanneer ons enigiets teenstrydig daarmee doen, gaan ons teen God se wil, en God se wette, en God dinge, en daar is niks om te doen behalwe daarvoor te betaal nie, en ons gaan dit ook doen.

139 Hoe kan ons 'n herlewing hê? Maak nie saak of daar 'n Oral Roberts, en Tommy Hicks, en 'n Osborn regoor die land is nie, totdat ons terugkom na ware Pinksterlewe, sal ons nog nooit in staat wees om op enigiets te bou nie. Ons organisasies word die heeltyd sterker, en ons word die heeltyd groter, en ons kry die heeltyd beter opgeleide teoloë, maar word swakker, en swakker, en swakker die heeltyd. Presies reg. Kom terug!

140 Julle sou beter af wees as jy jou tamboeryn gehad het, sonder sokkies, hieronder op die hoek iewers, in 'n straatdiens, as wat julle sou wees in sommige van die yslike groot lykshuise wat ons kry, met die temperatuur daarin negentig onder vriespunt, geestelik gesproke, reg. Dis presies reg. Ons het Pinkster nodig! Ek hou van goeie, outydse Pinkster, ware Gees van die lewende God. Dis waar.

141 Nou, in Sy dag het Hy mense gevind wat dinge leer wat so was. Ons het dieselfde ding vandag, en dan die mense almal, nadat hulle deur al hierdie dinge gekom het, (En Jesus het gesê: "Deur julle oorlewering het julle die gebooie van God kragteloos gemaak. Die gebooie van God het gesê: 'Jy moet *dit* doen,' en jy sê 'Jy sal *dit* doen.'" Wat het Hy gedoen? Dit was dieselfde ding, hulle het die gebooie van God verdraai, dis dieselfde ding wat Hy vandag sou sê.), en dan sê die mense: "Waar is die God van die Bybel?" Huh!

Ek het altyd saam met 'n ou Metodiste prediker gegaan, hy het altyd 'n lied gesing:

Ons het die standaarde laat sak, ons het die standaarde laat sak,
Ons het sonde toegelaat.
Ons het die standaarde laat sak, die skape het uitgekom,
Maar hoe het die bokke ingekom?

142 Ek sê vir jou broer, jy antwoord dit, wanneer jy die lied sing: Jy het die standaarde laat sak! Dis wat die probleem is. Dis wat fout is met ons Pinkstermense. Dis een ding daarvan, ek het nie enige yslike groot byeenkomste om te borg nie, ek hoef nie ’n klomp geld te hê nie, niemand huur my nie, niemand betaal my nie, so ek kan net preek wat in die Bybel is. Reg. Niemand kan vir my sê wat om te doen nie. Ja, meneer.

Ons het die standaarde laat sak,
Die sonde toegelaat.
Die standaarde laat sak, die skape het uitgekom,
Maar hoe het die bokke ingekom?

143 Laat sak net die standaarde, hulle sal inkom, in elk geval. Sien? Dis reg. O, ons kry. . . Ons het altyd gesê: “Die ou, koue, formele Metodiste,” en nou sê die Metodiste: “Ou, koue, formele Pinksters.” Dis reg. Dit raak net so. O, skaam ons! Wat ons nodig het, is ’n herlewing. Herlewing beteken nie om nuwe lidmate in te bring nie, dis om te laat herleef wat ons alreeds het. Reg.

144 Ek het by die Michiganmeer gestaan my eerste keer baie jare gelede, omtrent dertig jaar gelede, Ek het na Paul Rader, ’n vriend van my, gaan luister, ’n sonsopkomsdiens preek by Pase, sonsopkomsdiens. Ek het op-en-af geloop by daardie Michiganmeer, dit was die grootste watermassa. . . dit het baie groter gelyk as die Ohiorivier vir my. En ek het dit dopgehou, en, o, goeiste, dit het net gespring en gespring, die golwe, ek het gedink: “Waaroor spring jy so? Wat makeer jou?”

145 Ek het bly oploop langs die meer-oewer daardie oggend na diens, en ek het gedink: “Waaroor spring jy?” Ek het gestaan, en ek het gedink: “Wel, daar’s—daar’s—daar’s geen rede vir jou om te spring, wat ek kan sien nie.” En ek het gedink: “Wel, miskien het jy baie water daarin.”

Dit het gesê: “Nee.”

146 Ek het gedink: “Dit het nie ’n bietjie meer water daarin, as wanneer dit absoluut, heeltemal stil is nie, dit het nie nog ’n druppel meer water nie.” Wanneer dit spring, die golwe wat slaan, net dieselfde hoeveelheid water, nie nog ’n druppel meer daarin nie.

147 Wel, ek het toe gedink: “Wel, wat is—hoekom spring jy dan?” En ek het gedink: “Wel, dit het ’n herlewing. Dis wat dit is, dit het ’n herlewing.” Wel, as dit nie ’n herlewing gehad het nie, sou dit vol gemors word. Maar elke keer wat die wind dit tref, en begin

waai, spring dit en gaan tekere, en spat al die opdrifsels uit op die oewer, al die ou stokke, en grond uit op die oewer.

148 En dis wat die, ons, die Kerk nodig het, Dit het 'n herlewing nodig. En wat laat hierdie wind begin? Wat laat hierdie aangaan, hierdie herlewing begin? Daar kom 'n wind: "*whew*," wat *alles* optel. Dis wat ons nodig het, is nog 'n Magtige Ruswind om 'n herlewing te laat begin, om die gemors uit die Kerk te slaan, en die ongeloof. *Al* ons ongeloof te neem, dit onder op die oewer op te stapel, en 'n ware Pinksterdiens te hou, 'n ware, egte diens. Amen. Dis wat ons nodig het. Dis presies. Shh!

['n Suster praat in tale en 'n broer gee uitleg—Red.]

149 Amen. Nou, dat daar sommige mag wees wat dit nie sou verstaan nie, dis apostoliese gawes. Terwyl . . . Net om dit vir julle stil te maak vir 'n oomblik, laat ek net julle aandag vestig op iets net hier, net 'n oomblik.

150 Nou die dag by die Christen Sakemanne in Los Angeles, het ek gepreek by hulle ontbyt, wat op 'n landwye uitsending gegaan het, ek het net die ding bestraf net so hard as wat ek kon. Ek kan niks anders doen nie, as ek sou, sou ek 'n huigelaar wees, ek glo ons is aan die eindtyd. En toe ek het, het Marilyn Monroe, haar neef, 'n Baptis, opgestap om hand te skud met my, en toe hy het, het hy in tale begin praat. En toe hy het, hy . . .

151 Daar was 'n dame van Louisiana wat daarbuite gesit het, 'n Franse vrou, wat opgestaan, en gesê het: "Dit is nie onbekende tale nie," gesê: "ek's Frans. *Hier* is wat hy gesê het."

152 En 'n ander man het hiernatoe gekom. En daar het 'n jong kêrel deurgesluip, nader gestap, wat die Franse tolk was vir die VN, Verenigde Nasies, net in die diens ingekom het, en hy het gesê: "*Hier* is wat sy gesê het," presies dieselfde ding.

153 En hierdie seun, Marilyn Monroe se neef, Danny Henry, het nie een woord Frans geken nie. En hy . . . Ek het dit net hier, wat in die dokument ingaan, baie van julle in die *Sakemanne* sien. Nou, hier's presies iets, wat hy gesê het, met my gepraat het, o, dit het gesê: "Dit is gesê vir Broer Branham op die 11de Februarie, in—in 1961, by die Volle Evangelie Sakemanne se ontbyt."

*Omdat jy die smal pad gekies het, die moeiliker weg, jy het deur jou eie keuse geloop, . . .*

Ek kan dit verstaan. Moses het ook uit sy eie geloop, hy hoef dit nie te gedoen het nie. Ek kon miskien groot dienste gehad het, groot dinge, en groot, baie blomme en dinge, ook. Maar dit is die manier wat ek wou hê. Sien?

*. . . jy het gewandel volgens jou eie keuse, jy het die korrekte en presiese besluit gekies, en hierdie is MY WEG.*

*As gevolg van hierdie monumentale besluit, wag daar 'n groot deel van die Hemel op jou.*

Dis in die visioen hier, wat julle sal kry, sien, dat hy toe niks daarvan geweet het nie.

*Wat 'n wonderlike besluit het jy gemaak!*

*Hierdie*. . . (Nou, hier is wat ek nie verstaan nie.) *Dit is dit wat sal gee, en sal laat geskied, die geweldige oorwinning in die Liefde Goddelik.*

154 Met drie verskillende tolke, Franse tolke, en die tolk vir die Verenigde Nasies! En Danny Henry, Marilyn, of, hierdie Jane Russell was dit, verskoon my, Jane Russell se neef, 'n Baptis, het nie een woord daarvan geken nie, maar was so ernstig, hy het nadergestap en gesê: "Broer Branham, daardie woorde wat jy gesê het, kan maklik in die Boek van Openbaring geplaas word." Hy het sy arms om my gegooi, in Frans begin praat, nooit een woord daarvan geken nie. Daar is drie getuies wat rekord hou, saam met die VN-tolk. Broer, ons is in die laaste dae, dis presies reg. Amen.

155 Ek's weg. . . Kom weg van bastergodsdiens, kom in die ware, egte Pinkster in. Dis reg.

156 Hulle sê vandag soos hulle toe het. Jesus het mense gevind wat dinge leer wat nie reg was nie. Wat het die eerste kerk gedoen? Ek wil iemand hier vra wat mag wees, nie hierdie verstaan nie. Die eerste kerk, hulle het dit gedoen. Nou, soos dit toe was, so is dit nou.

157 Dit herinner my, vandag, aan Jesus eenkeer, en Sy moeder, ter afsluiting, luister, Sy moeder en vader, hulle het opgegaan na die, of, Sy pleegvader, na die Pinksterfees toe, wat hulle gebruike was om elke jaar na die Pinksterfees toe te gaan, en na die fees verby was, het hulle huis toe begin gaan, en hulle het drie dagreise ver gegaan, en Hom gemis, drie dagreise. O, dink net, miskien: "Hy's daar by die groep."

158 Luister, ek wil nie julle gevoelens seermaak nie, maar dis wat die kerk gedoen het, dink net, miskien, "Hy's met ons, so watter verskil maak dit? O, Hy's, Hy's met ons." Maar wat het hulle gedoen? Hulle het teruggegaan en Hom gesoek vir drie dae onder hulle familie, en Hom nie gevind nie.

159 En nou hier is ons by die eindtyd, toe Billy Graham, groot evangelis; Jack Shuler, die Metodiste, 'n boesemvriend van my; ou Dr. Barr, daardie, groot manne die volk geskud het met herlewing. En waar is dit? Ons drink meer whisky elke jaar, as wat ons die jaar tevore het.

160 Ek kan julle sê, laat elke whisky drinker en sigaret roker hulle sigarette opgee, en tabak, en whisky vir een dag regoor Amerika, en daardie geld neem, sal dit elke man 'n vyf-kamer huis gee, wat 'n arm man is, en 'n outomobiel. Meer spandeer verlede jaar vir whisky as wat daar was vir kos. Wat dan van

Coca-Colas, kougom, en die ander luukshede waarin ons lewe? O, ons is. . .Julle verstaan nie. Wat 'n toestand!

161 Maar hier: "Ons het net gedink Christus was daar." Wat het ons gedoen? Nou in die laaste dae, wanneer hierdie dinge verskyn het, begin ons wonder: "Waar is Hy? Waar is Hy?" Ons het deur die Baptiste herlewing gesoek, ons sien Hom nie soos Hy destyds daar was nie. Ons kyk deur die Metodis, ons vind Hom nie; ons gaan nog 'n dag terug, na die Lutheraan, vind ons Hom nie; gaan ons terug na die Katoliek, vind ons Hom nie.

162 Waar het ons Hom verloor? Waar Maria en Josef Hom gevind het, dis waar ons Hom sal vind. Hulle het Hom verlaat by die Pinksterfees, dis waar ons Hom weer sal vind, weer by die Pinksterfees. Halleluja! Glorie!

163 Julle mag dink ek is mal. Miskien is ek, as ek is, los my uit, ek voel beter op hierdie manier, ek het meer versekering op hierdie manier. Ja.

164 Waar het hulle Hom gelos? By die Pinksterfees. Waar het die kerk Christus gelos? By Pinkster. Toe kom die Katolieke kerk; toe kom die Lutherse kerk, alle organisasies; toe kom die Wesleyaanse kerk, alle organisasies; Baptiste kerk, alle organisasies; en die Pinkster het dieselfde ding gedoen. Wat doen ons? Op die rak gelê, net presies soos die res van hulle het.

165 Laat ons opstaan en onsself skud. Laat ons teruggaan na 'n Pinksterfees, en wegkom van al hierdie opvoedkundige program. Ek probeer nie my onkunde ondersteun nie, maar ek probeer julle die Woord van God vertel. Petrus kon nie sy eie naam skryf nie, maar dit het Jesus behaag om vir hom die sleutels van die Koninkryk te gee as gevolg van sy openbaring. Dit is reg, my broers. Dis waar.

166 Waar het hulle Hom gevind? Daar by die Pinksterfees. En dis waar julle Metodiste Hom sal vind, dis waar julle Baptiste Hom sal vind, dis waar julle Lutherane Hom sal vind, dis waar julle Katolieke Hom sal vind, julle sal Hom nooit onder julle verwante kerke vind nie.

167 Al julle mense wat julle brief van die Metodis neem, oorgaan na die Baptiste, Hy sal nie daar wees nie; julle neem dit van die Baptiste af, en almal van julle wat teruggaan na die Katolieke, julle sal Hom nooit daar vind nie. Gaan terug na waar die kerk Hom gelos het, by die Pinksterfees toe die Heilige Gees uit die Hemel gekom het soos 'n geweldige rukwind, die hele huis gevul het waar hulle gesit het, gesplete Tonge op hulle gesit het, soos vuur. Dis waar julle Hom sal mis, dis waar julle Hom gelos het, dis waarnatoe ons moet teruggaan en Hom optel.

168 Luister, ter afsluiting, het Jesus gesê: "Ek is die Wynstok, julle is die lote." En wat het daardie Wynstok. . .? Daardie Wynstok dra geen vrugte nie, die loot in die Wynstok dra die

vrugte. Het julle ooit ’n wingerdstok gesien wat druiwe dra? Nee, julle het die lote in die wynstok gesien wat druiwe dra.

169 Wel, nou laat ons—laat ons iets uitklaar. As daardie Wynstok, wat Christus is, Johannes 15de hoofstuk (Julle glo dit, nie waar nie?), wel, as daardie eerste Wynstok ’n—eerste Wynstok ’n loot voortgebring het en dit ’n Pinksterloot was, en na loot tak het hulle die Boek van Handelinge geskryf (Dit reg, broers?), as daardie Wynstok ooit nog ’n loot voortbring, sal dit ’n Pinksterloot wees wat ’n Boek van Handelinge daarna sal skryf.

170 O, sê julle: “Maar ek is *So-en-so*. Ek behoort aan. . . ”

Dit was nie so aan die begin nie.

As jy sou sê: “Maar, Jesus, U weet, ek behoort aan die heilige. . . ”

Dit was nie so aan die begin nie. Dis reg. Hy sou dieselfde ding sê.

“Wel, ons glo dat die dae van wonderwerke verby is.”

Dit was nie so aan die begin nie.

“Ons glo nie jy hoef in tale te praat nie.”

Dit was nie so aan die begin nie.

“Ons glo nie in Goddelike genesing nie.”

171 Dit was nie so aan die begin nie. Gaan terug na die begin, gaan terug na waar die Kerk begin het, en Dit het begin op die Pinksterdag, met die Heilige Gees wat uitgestort is op die mense, en hulle hart gevul het, en hulle siele verbly het totdat hulle gesterf het as martelare, die aarde aan die brand gesteek het met hulle boodskap van verlossing. Kom weg van ons mensgemaakte geloofsbelydenisse, en kom terug na die Bybel. Ja, gaan terug na die begin, dis waar ons begin.

172 Nou, kyk, ek het gestaan. . .Nou, ons weet almal, sodat ek dit vir julle kan opklaar, ons is ’n geënte Boom, dis reg, maar ons is geënt in Jesus Christus van die ou Joodse ortodokse totdat die hele Boom nou Jesus is, ons is daardeur geënt.

173 Maar laat ek julle iets wys, Ek was nou die dag in Phoenix waar ek verskeie vrugte sien groei het aan een lemoenboom. Daar was ’n suurlemoen, en ’n pomelo, en ’n naartjie, en allerhande soorte vrugte wat gegroei het uit ’n—uit ’n lemoenboom. En ek het vir Broer John Sharrit gesê, ’n Pinksterbroer, ek het gesê: “Broer John, wat. . .? Is—is nie—is dit nie die. . .? Wat—watter soort boom sou jy dit noem?”

En hy het gesê: “Dis ’n lemoenboom.”

174 Wel, het ek gesê: “Hoe het dit suurlemoene daaraan, en hoe het dit pomelo’s, en tangelo’s, en naartjies, en, o, verskeie verskillende soorte sitrusvrugte?”

“O,” het hy gesê: “hulle is daarop geënt.”

Ek het gesê: "Maar ek wil vir jou iets vra. Nou, wanneer blomtyd kom, blom daardie pomelo?"

"Ja, meneer."

"Blom die suurlemoen?"

"Ja, meneer, reg langs die lemoen."

175 "Maar watter soort vrugte dra dit omdat dit in hierdie boom woon? Dra dit dieselfde soort vrugte wat...? Sal dit, volgende jaar, lemoene dra?"

Hy het gesê: "Nee, meneer."

"Wat sal dit dra?"

Hy het gesê: "Pomelo's. Die suurlemoene sal suurlemoene dra."

Ek het gesê: "Deur in hierdie boom te lewe?"

Hy het gesê: "Ja."

Ek het gesê: "Halleluja! Ek sien dit nou."

176 Broer, die Kerk is 'n Pinksterkerk. Die Lewe wat in die Wynstok is, het opgekom in een Kerk en Dit 'n Pinkster ondervinding gegee, en Daarna het hulle allerhande gawes van die Heilige Gees gehad, die tekens van Jesus Christus. En vandag het ons elke verskillende soort denominasie Daarop geënt, Metodis, Baptis, Presbiteriaan, tot selfs Pinkster, *sogenaamd*, Daarop geënt, maar hulle dra nie die oorspronklike vrugte nie, hulle het nie die oorspronklike ondervinding nie, tog suig hulle aan die naam van Christendom. Halleluja! Dis reg.

177 Daardie Wynstok ooit nog 'n loot voortbring, sal dit 'n Pinksterloot wees met tekens wat die gelowige volg. Reg. Terug na die Oorspronklike, hierdie baster goed sal nie werk nie. Ek weet hulle bly daarin, wat *Christendom* genoem word, maar hulle is nie Christendom nie. Die vrugte: "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken." En hoekom kan hulle nie? Hulle kan nooit teruggaan nie, hulle kan nooit 'n lemoen wees nie, want hulle is verbaster, tog, is hulle bekend onder die naam van *Christen*, maar hulle is verbaster. Glorie!

178 Ek weet dat julle mag dink ek is van my kop af, maar dis die waarheid. Elke keer wat dit voortbring, wat sal dit doen, 'n herlewing hê? Sekerlik, sal dit wat dra? Suurlemoene. 'n Metodis sal 'n Metodis dra, Baptis sal Baptiste denominasie dra, 'n Pinksterdenominasie sal 'n Pinkster dra. Maar wanneer hulle teruggaan na die oorspronklike Wynstok wat van die Wortel af gekom het, halleluja, sal hulle uitkom met die doop van die Heilige Gees, soos hulle het aan die begin. En dieselfde werke en tekens wat Jesus gevolg het, sal volg, wat daardie vroeë Kerk gevolg het, sal die Kerk vandag volg.

Jy sê: "Ek maak *so-en-so*." Maar dit was nie so aan die begin nie.

179 O God, wees ons verswakkende, verlore toestand genadig, dit is ’n jammerlike ding. O, hoe. . . Die mense is bang vir die Heilige Gees, jy’s bang Dit sal jou iets laat doen wat—dat jy jouself buitengewoon sal laat optree, Dit sal dit nie doen nie. Mense is bang.

180 Ek onthou dat ek die boeke oor Pinkster gelees het, jare gelede, wanneer hulle altyd heelnag lank rondom die altaar gebly en vir dae gebid het, God hulle onder die krag van God sou laat neerval.

181 En aan julle Metodiste, destyds in die ou dae, julle praat van Goddelike genesing, jy behoort jou te skaam om Goddelike genesing te ontken, wanneer John Wesley, in sy eie kommentaar, eie boek, geskryf het dat hy op sy perd gery het, sy perd geval en sy been gebreek het, hy het opgestaan en die perd met olie gesalf, in die Naam van die Here, en daarop geklim en weggery. Daar’s ’n—’n. . .

182 En daar in Engeland word daar gesê dat hy gepreek het oor die Goddelike genesing, en die Anglikaanse kerk wat die einste stigter van Metodiste bespot het, en die Anglikaanse kerk het ’n jakkals losgelaat, en ’n klomp honde, onder hulle, en John het sy vinger in sy gesig gedruk, en gesê: “Die son sal nie drie maal oor jou hoof sak, totdat jy my sal roep om vir jou te bid nie.” En die man het daardie middag gesterf en na John geroep.

183 Ek het in sy saal gery, of, in sy saal gesit waaragter hy sy lessenaar gehad het, ek het by sy—sy plek gesit waar hy die haanvegter daardie keer op hierdie stoel bekeer het, ek het sy kleed oor my skouer gehad, gekniel op die vloer waar daardie goddelike man gesterf het, en gebid en God gedank het vir ’n man soos John Wesley. Hy sou omdraai in sy graf vanaand, hy geweet het die Metodiste kerk raak formeel en terug na die tradisies van mense, in plaas van om by daardie Woord te bly.

184 Julle Baptiste, julle moet ook ’n saagselspaadjie stap. John Smith het gebid tot sy, heelnag en geween vir die sondes van die mense, totdat sy vrou hom na die tafel toe moes lei in die oggend om vir hom iets te gee om te eet, en hom met ’n lepel te voer.

185 Julle Metodiste vroue wat kortbroek dra, en sigarette rook, en aangaan, ou John Smith, daardie groot Metodis, toe hy gekom het, ’n kort preek gepreek het vir vier uur, en jy kan nie na twintig minute luister nie, toe hy tagtig jaar oud was. En gesê: “Dit bedroef my hart om selfs die Metodiste susters ringe aan hulle vingers te sien dra.” Wat van kortbroek nou, en sigarette rook? Skaam julle!

186 En julle Pinkstermense raak net so erg. Kom daaruit, moenie ’n geënte wynstok wees nie, gaan terug na die oorspronklike begin en ontvang die Heilige Gees soos hulle het op Pinkster. Amen. Moenie dat die biskop jou beetkry nie, laat Christus jou

beetkry. Ek is bly God het my beetgekry voor die kerk het, ek was 'n ongelowige.

187 Ek het twee dogtertjies by die huis, een van hulle se naam is Sarah, en die ander se naam is Rebekah. Rebekah is 'n soort van 'n langbeen, skraal meisie, en Sarah is 'n klein, kortetjie. Hulle is albei pappa se meisies, want ek is lief vir kinders.

188 Ek was uit in 'n diens, en *so* moeg. Hulle was, het gewag tot middernag, hulle ogies het swaar geword, en hulle moes bed toe gaan. So ek het omtrent eenuur ingekom, en ek was so vaak en het gaan lê, en het omtrent 'n uur of twee geslaap, en ek kon nie slaap nie, en ek het net opgestaan en in die stoel gaan sit buite in die sitkamer.

189 Die gang loop uit na die kinders se slaapkamer, vrou het nog geslaap. Ek het daardie oggend daar gesit, en naderhand het ek gehoor die, iets wat in die kinders se slaapkamer skarrel, ek het deurgekyk soos *daardie*. Rebekah is die oudste, en toe het sy opgespring en rondgekyk om te sien dis daglig. En, o, hulle is albei lief vir Pappa. En hier het hulle. . .Rebekah het gekom. Wel, dit het Sarah wakker gemaak.

190 Nou, Bekah het die langste bene en sy is die grootste, so sy kon Sarah verbysteek. En so, laat my dink aan die groot kerke, wat georganiseer is vir 'n lang tyd, julle weet. So sy het uitgehardloop en sy het haar beentjies oor myne gegooi, albei arms om my nek gegooi, en my begin omhels. En, o, julle weet hoe dit my laat voel.

191 Toe voor jy jou kom kry, hier kom klein Sarah, suster, klein swart-oog dingetjie, omtrent *so* hoog, met Becky se gebruikte klere, ek weet nie of julle kinders dit doen of nie, pajamas met die voete aan hulle wat, heeltemal te groot was. En hier kom sy, wat oor alles val soos sy aangekom het, die deur.

192 En Rebekah het omgekyk na haar, en sy het gesê: "Sarah, my suster," gesê: "Ek wil hê jy moet weet dat ek eerste hier was," net soos sommige van die groot, lang organisasie kerke, sien, "Ek was eerste hier, en ek het alles van Pappa, en daar's glad nie plek vir jou nie." Dis hoe hulle dit probeer sê, maar dit werk nie reg nie.

193 Arme klein Sarah het haar koppie laat sak, en ek het gesien haar lippies begin bewe, yslike groot trane in haar oë kom. Ek het omgekyk na haar soos *daardie* en my vinger beduie, hierdie ander been uitgesteek. Hier het sy gekom.

194 En sy het reg op daardie been gespring. En sy was net 'n jong kerk, julle weet, soos, sy was wankelrig, sy kon nie baie goed regop bly nie, julle weet, sy het nie al die teologieë en dinge geken wat jy veronderstel is om te ken, julle weet, en dit alles daarvan nie. So, maar in elk geval, sy het op my been gesit, en toe ek gesien het die outjie gaan—sou val, so ek het net uitgestrek met albei arms en haar soos *hierdie* gegryp en haar omhels.

195 Sy het teen my bors gelê vir 'n rukkie, en sy het omgedraai, daardie groot bruin oë het opgekyk na Rebekah, en sy het gesê: "Rebekah, my suster," en sy het gesê: "Ek wil hê jy moet ook iets weet." En gesê: "Dit mag wees dat jy alles van Pappa het, maar ek wil hê jy moet weet, Pappa het alles van my."

196 Dis hoe ek dit glo, ek mag dalk nie al die—die teologie ken wat ek behoort te ken nie, en ek mag dalk nie wees van lank gelede, en lang kweekskool ondervinding nie, maar net solank ek weet Hy het alles van my toegevou in Sy arms, en Hy my kan gebruik, is dit al wat ek wil weet. Net sodat ek weet dat Hy alles van my het, dis al waarvoor ek omgee. As Hy alles van my het, dan is dit al wat ek wil weet. Is dit nie net omtrent hoe julle ook voel nie? Solank Hy alles van my het!

Laat ons ons hoofde buig.

197 Ons Hemelse Vader, daar staan geskryf in die Skrif: "Dit was nie so van die begin af nie." So ek, op hierdie kru maniertjie om dit te bring, Here, het ek probeer om 'n saad hier te saai in die harte van hierdie dierbare, kosbare mense, wat ware, ware Christene is, maar ek probeer vir hulle plaas, Here: "Moet nooit deurmekaar raak met een of ander soort mensgemaakte saak nie. Gaan terug na die begin, gaan terug na Pinkster, dis die eerste Christen Kerk."

198 Op die Dag van Pinkster, is Dit ingestel, en Petrus het die baccalaureus preek gepreek, gesê: "Julle manne van Judéa, en julle wat in Jerusalem woon, laat dit aan julle bekend word, en luister na my woorde: Hulle is nie dronk soos julle dink nie."

199 O God, kry U Kerk geestelik dronk totdat hulle alles sal vergeet van die dinge van die wêreld en die sorge van die lewe, en net verlief raak op U, en U dien. Kry harte oorgegee in U arms, Here. Skenk dit. Red die verlorenes, wees dié wat op sterwe is, genadig, genees die siekes.

200 Ons word in die Bybel geleer dat, toe U hier op aarde was, U vir hulle die Messiaanse teken gewys het toe U gewys het... Petrus het gesê wie hy was; toe U vir die Samaritaanse vrou gesê het: "Gaan, haal jou man"; toe die vrou U kleed aangeraak, en uitgegaan het en in die gehoor gaan sit het; toe U geweet het dit was Saggéüs in die boom; toe blinde Bartiméüs, onmoontlik vir hom om U Stem te hoor, of, U om sy stem te hoor met al daardie geskree en aanganery, maar Hy het U aangeraak, en U het gestop; en die vrou wat U kleed aangeraak het, U het omgedraai, deur die gehoor gekyk tot U haar gevind het, en vir haar gesê: "Jou geloof het jou gered."

201 Ons word geleer, vanaand, dat U dieselfde Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede, U sit aan die regterhand van God die Vader, in die majesteit Omhoog, wat vir ewig lewe om voorspraak te maak volgens ons belydenis. God, ons maak 'n belydenis vanaand, dat ons nie enige seëninge

waardig is nie, of ons nie waardig is om Christene genoem te word nie, want dit kom van die woord *Christe-lik*. Vergewe ons asseblief van ons verskriklike weë.

202 En ons weet dat die grootste sonde wat, en die enigste sonde wat daar is, die sonde van ongeloof is. Maak nie saak hoe goed ons lewe, hoe goed ons kerk bywoon, hoeveel ons die Evangelie verkondig nie, as ons nie elke Woord van God se Woord glo, en net so Daarvolgens optree nie, is ons steeds sondaars, U het so gesê: "Hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel." So ek bid U, Vader, om ons geloof te gee.

203 Seën al hierdie, my predikerbroers. Seën hierdie kerk, hierdie kollege op wie se gronde ons is, hulle is hier besig om jong manne op te voed om predikers van môre te wees. God, moenie dat hulle uitgaan soos 'n klomp broeikashoenders wat geen moeder het, net meganies uitgebroei nie, mag hulle gaan met 'n ware verlossing. Laat hulle gaan met 'n ondervinding soos John Wesley gehad het, soos Dwight Moody, Knox, Calvyn, Sankey, Finney, die vroeë Pinkstervaders. Skenk dit, Here.

204 Vergewe ons al ons tekortkominge. En as ons U op enige manier nie behaag het nie, laat U genade en U Bloed vir ons sondes versoen. Red die verlorenes nou, Vader, bid ons, in Jesus' Naam.

205 Met ons hoofde gebuig, ons oë toe, is daar 'n sondaar in die gebou wat sou sê: "Broer Branham, onthou my nou in gebed, ek het hier gesit en luister, ek wil nie langer, enige belydenis van enigiets te doen hê met 'n bastersaak, omdat ek by die kerk aangesluit het waaraan my moeder behoort het nie; ek skool toe gekom het omdat iemand my oortuig het om te kom, ek's 'n student hier in die skool, in hierdie kollege; my seun hiernatoe gaan; my dogter hiernatoe gaan," nie?

206 My twee dogters sal waarskynlik na Asbury Kollege toe gaan, by Wilmore, Kentucky, ek woon naby daaraan. Ek wil hê hulle moet ware Christene wees. My seun het pas van Waxahachie af gekom, waar hy skool toe gegaan het. En ons kom naby daaraan, omdat ons daar woon, dis nader aan ons, sodat ons die meisies kan sien. Ons wil hê hulle moet die beste hê, ons wil alles doen wat ons kan vir hulle, maar bo alles, of hulle selfs hulle ABC's ken, wil ek hê hulle moet Christus ken, en 'n ondervinding hê om gevul te wees met die Heilige Gees.

207 Is jy sonder Christus vanaand, en daardie soort ondervinding? Is jy 'n lid van een of ander bastertoestand? Is jy self 'n baster, wat bely om 'n Christen te wees wanneer jy nooit die Heilige Gees ontvang het nie? As jy is, my mees genadige en geliefde vriend, sal jy jou hand opsteek? Sê: "Onthou my in gebed, Broer Branham. Ek wil nou die ware ondervinding van Pinkster in my hart hê. Ek's 'n Metodis. Ek's 'n Baptis. Ek behoort aan 'n Pinksterorganisasie, maar ek ken Christus nie

op daardie manier, soos hulle het op die Pinksterdag nie. Ek het nie die ondervinding wat daardie mense gehad het nie. Onthou my, Broer Branham."

208 Wel, ek sien nie een hand nie. En ek gl-. . .Een hand, God seën jou, jong kêrel. Ek glo nie dat enigiemand by hulle regte, normale verstand, wat nou hier kan sit, na gehoor het dat dit op daardie manier verduidelik word, hier kan uitgaan en normaal wees, tensy jy veroordeel voel nie. Sien, daar's party mense wat nie kan kom nie, Jesus het gesê: "Niemand kan kom, tensy My Vader Hom trek nie. Almal wat My Vader My gegee het, sal kom."

209 Dink net aan wat dit sou wees as jy jou dag van genade weggesondig het, en jy sou nooit meer. . .Jy kan die Heilige Gees laster, jy weet, een woord Daarteen spreek, maak nie saak hoeveel jy gehuil of gebid het nie, dit sou jou nooit vergewe word nie. Sal jy nie haat om in daardie toestand te wees, geen liefde in jou hart nie, in die wete dat jy nooit Christus ontvang het, jy nooit gebore is uit die Gees, daardie Heilige Gees wat op die Pinksterdag gekom het nie?

210 Jy sê: "Ek behoort aan 'n kerk." Broer, dis niks meer as om aan 'n losie te behoort nie, jy kan op dieselfde manier aan 'n losie behoort, en 'n goeie, skoon lewe lei. Ek's nou nie teen by die kerk aansluit nie, dis alles reg, die. . .sover, so goed, maar dis nie waarvan ek vanaand praat nie, my boodskap is: "Terug na die begin." En as jy nie daardie ondervinding gehad het wat jou laat optree en maak soos hulle het aan die begin nie, dan asseblief, my broer, suster, steek jou hande op na Christus en sê: "Onthou my, Christus, gee my daardie ondervinding."

Dankie, meneer, God seën jou. Dankie, meneer, God seën jou.

211 Balkonne? Linkerkant? Balkonne aan die regterkant? Ek wag terwyl almal bid. Ba-. . .? Goed, die middelste rye, êrens? God seën jou, dame. God seën jou daaragter, meneer. Ek wag om te sien wat jou besluit sal wees.

212 Ons Hemelse Vader, wat wag, genoeg tyd gee sodat, by die groot Oordeelsdag, soos Paulus van ouds gesê het: "Niemand se bloed is op my nie."

213 Nou, ek het verlos en gedoen soos U my beveel het, na die beste van my wete, en ek het hierdie mense die waarheid vertel. Ek bid nou dat U hulle genadig sal wees, en hulle sal red wat hulle hande opgesteek het. En wanneer die oproep gegee word vir hulle om na die platvorm toe te kom, mag hulle mooi kom, en sag, en hier 'n belydenis maak, in die kamer ingaan, en gevul word met die Heilige Gees, vanaand. Skenk dit, Here. Ek vertrou hulle toe aan U, in die Naam van die Here Jesus Christus. Amen.

214 Nou, stil, baie stil nou, almal in julle eie stem, julle eie akkoord wat jy sing:

Heiland, Heiland,

Nou laat ons Hom aanbid.

. . . my nederige . . .
Terwyl U op ander . . .
Moenie by my verbygaan nie.

215 O, is Hy nie wonderlik nie? Het julle Hom lief? Is Hy nie goed nie? Julle weet, daar was 'n bietjie meer eerbied vanaand as gewoonlik. Party mense het opgestaan en uitgegaan, ek hoop dit was omdat hulle 'n bus moes haal, iets. Ek . . .

216 Die rede waarom ek nie genesingsdiens gehad het nie, en ek kan dit nie hê wanneer mense rondbeweeg nie, die Heilige Gees is skugter, enigiemand weet dit, Hy sou net weggaan, soos Hy het in die Bybel. En wanneer julle rondbeweeg, meng dit net—dit net in, jy kan dit net nie doen nie. Hy sal net nie . . . Hy sal my net verlaat, en ek sal net daar staan.

Is daar enige siekes hier? Steek jou hand op.

217 Ek wil julle iets vra. As ons glo dat ons in die laaste dae lewe . . . Glo jy dit, broer? Glo julle die boodskap wat ek vanaand gepreek het, is die waarheid? Aanvaar julle dit? Goed, laat ons die groot Heilige Gees aanroep.

218 Nou, die Bybel het gesê dat die teken wat aan die Heidene gegee sou word . . . Nou, hoeveel weet dat die teken hier is vanaand, en gesien wat die Bybel daarvan gesê het? Nou, hoeveel weet dat Goddelike genesing iets is wat alreeds verby is? Jesus het jou genees op Gólgota. Is dit reg? Hy het jou gered, maar jy moet geloof hê en dit glo. Dit reg?

219 Hoeveel sal bid, en geloof hê en glo dat God, dat hierdie gawe van God, 'n Boodskap in die laaste dae . . . ? Wat ons weet die Bybel gesê het: "God het in die Kerk apostels geplaas," (Dit reg? Dit is sendelinge, *apostels* is "een wat gestuur is," *sendeling* is "een wat gestuur is.") "apostels, profete, leraars, pastore, evangeliste." Dit reg? God het hulle geplaas, is God se gawes wat Hy in die Kerk geplaas het.

220 Dan in elke plaaslike liggaam is daar nege geestelike gawes, wat praat in tale, uitleg van tale, kennis, wysheid, allerhande soorte gawes, nege verskillende geestelike gawes.

221 Nou, glo julle, vandag, dat ons apostels het, sendelinge gestuur deur God? Glo julle? Julle weet, dis die universele opdragte: "Gaan in die hele wêreld in, verkondig die Evangelie." Dis 'n apostel.

222 Glo julle ons het profete? Daar is 'n gawe van profesie, en dan is daar 'n profeet. Hoeveel weet daar is 'n verskil? Dis waar julle kosbare Laatreën mense deurmekaar geraak het. Sien? 'n Profeet word as 'n profeet gebore, het altyd SO SPREEK DIE HERE, nooit verkeerd nie, 'n gawe van profesie sou op een wees, dan 'n ander, en dit moet beoordeel word deur drie beoordelaars, en dan aan die kerk vertel word, en kyk of dit gebeur.

223 Jeremia was ’n profeet, God het gesê: “Voordat jy nog in jou moeder se skoot gevorm is, het ek jou geken, en jou as ’n profeet geheilig, en jou verordineer tot die nasies.” Dis reg.

224 Sewehonderd-en-twaalf jaar voor Johannes ooit gebore is, was hy die stem van een wat roep in die woestyn, deur Jesaja die profeet.

225 Jesus, uit die tuin van Eden. Sien? Ons kan nie wees... Gawes en roepings is sonder bekering.

226 Nou, hoeveel glo dat Jesus Christus belowe het dat “Waar twee of drie ook al vergader is in My Naam, Ek in hulle midde sal wees”? Hoeveel weet dat Hy dit belowe het: “Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen”? Hoeveel weet dat Hy’s...dat die manier wat Hy Homself as die Messias bewys het, was omdat Hy ’n Profeet was? Hoeveel weet dit? Die Bybel het so gesê, Moses het gesê: “Die Here julle God sal ’n Profeet oprig.” En wat het die kerk daardie dag geglo? Hulle het gesê Hy was ’n fortuinverteller, Beëlsebub.

227 Enigiemand weet ’n fortuinverteller is van die duiwel. Enige van daardie soort donker towerkuns is van die duiwel. Maar dis...Wat is—wat is *verkeerd*? Dis iets wat reg is, wat verdraai is. Wat is ’n sonde? Dis geregtigheid, wat verdraai is. Wat is ’n owerspel? ’n Regverdige daad, wat verdraai is. Wat is ’n—wat is ’n—’n leuen? Is ’n waarheid, wat verdraai is. Sien?

228 Alle ongeregtigheid...Die duiwel kan nie enigiets skep nie. Die...Ek wil hê iemand moet vir my die Skrif wys waar die duiwel kan genees, of waar die duiwel kan skep. Daar is net een Skepper, en Satan verdraai wat God geskep het. Die hele skepping kom van God, Satan verdraai die skepping.

229 Nou, toe Hy op aarde was, hoe die mense geweet het Hy was die Messias, soos Filippus, toe hy vir Natánael gaan kry het, en vir hom vertel het wat Hy vir Petrus gesê het, toe hy teruggekom het, wel, het hy gekom in die Teenwoordigheid van Jesus, en Jesus het gesê: “Hier is nou waarlik ’n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!” Is dit reg?

Gesê: “Wanneer het U my geken, Rabbi?”

Gesê: “Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien.”

“Wat doen jy, Broer Branham?”

230 Ek probeer die Gees by ’n punt kry waar ons sal sien wat Hy sal doen, ek weet nie. Ek beheer Dit nie, Dit beheer my. Ek kan julle nie een ding sê nie, Dis Hy. Ek is so stom soos *hierdie* sonder dat iets daarin praat.

231 Maar hoeveel weet dat, manier, wat Hy gesê het, dit was in die dae van Sodom, toe God daar gekom het in menslike vlees, wat ’n God verteenwoordig in die laaste dae voor die verbranding

van die aarde, soos Hy toe het, Jesus het daarna verwys dat Hy weer sou kom in menslike vlees, en dieselfde ding sou doen?

232 Nou, kyk, nou, Hy het nooit gedoen wat Billy Graham en hulle gedoen het nie, wat die Engele afgegaan het in Sodom, hulle het hulle oë daaronder verblind, die Evangelie wat gepreek word doen dit, maar geen wonderwerke nie. Maar kyk na die Een wat buite gebly het by die Pinksterkerk wat Abraham verteenwoordig het, die uitgeroepte Groep. Wat het Hy hulle gegee as die laaste teken? Het Sy rug gedraai op die tent en geroep: "Abraham," net 'n paar dae tevore verander is van Abram na Abraham, van S-a-r-a-i na S-a-r-a, Sara, "waar is jou vrou, Sara?" 'n Vreemdeling.

Gesê: "Sy is in die tent, agter U."

233 Hy het gesê: "Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe." En Sara het by haarself gelag. Hy het gesê: "Waarom het Sara gelag, gesê: 'Hoe kan hierdie dinge wees?'" Dit reg? Jesus het gesê dit sou weer herhaal.

234 Onthou toe Jesus hier was? Hy het dit gedoen voor die, beide die Jode en die Samaritane, maar nie die Heidene nie. Hulle het gesoek na 'n Messias, Hy het 'n Messiaanse teken gewys. Nou, die Heidene het tweeduisend jaar van teologie gehad, maar Hy het gesê, soos die profeet gesê het: die son wat opkom in die oggend, ondergaan in die aand: "Dit sal lig wees in die aandtyd." Dieselfde son sou in die weste skyn, dieselfde een wat in die ooste geskyn het.

235 Ek maak aanspraak dat Hy nie dood is nie, Hy lewe. En ek sê dat Sy Gees hier is. Daardie selfde Vuurkolom wat die kinders van Israel gevolg het, wat Jesus Christus gesalf het, is dieselfde Gees in hierdie gebou, vanaand, SO SPREEK DIE HERE. Sal dit werk?

236 Ek glo Billy het nou die aand 'n paar gebedskaartjies uitgegee, ons sal hulle nie roep nie, ons sal net nie aan die gebedskaartjies raak nie, sodat julle sal sien dis nie gebedskaartjies nie.

237 Laat ek my onderwerp 'n oomblik verander. Daar was 'n vrou wat Sy soom van Sy kleed aangeraak het. Miskien kon sy nie in die gebedsry kom nie, sy het nie enige gebedskaartjie gehad nie. Maar sy het die soom van . . . [Leë kol op band—Red.]

238 . . . moeder wat amper flou word, my vader wat buk langs die bed, arme, afvallige Katoliek, nie geweet wat om te doen nie, het my opgedra na 'n klein Baptiste kerkie vir toewyding.

239 Toe 'n paar jaar gelede, toe daardie visioene aanhou beweeg het, het U my daar oorkant by Green se Meul ontmoet met 'n groot, skynende Lig, wat 'n Engel Daarin verskyn het, en gesê het dat ek gebore is.

240 Here God, daar's kollege studente wat hier sit, daar's twyfel, daar's verbouereerdhede, daar is mense wat wonder, Vader, vergewe hulle daarvoor. Dis, hulle het nog nooit so-iets gesien nie, hulle besef nie dat die uur waarin ons lewe nie. Maar U het hierdie teken belowe net voor die wêreld deur Vuur vernietig sou word. Ons sien deur die wetenskap, dat die atoombom ons volk se naam daarop het, net nog 'n paar opkomste en ondergange van die son, miskien nie nog een nie.

241 Maar, Vader God, met betrekking tot hierdie boodskap wat ek uit my hart gepreek het, U Woord en U belofte, bevestig dit vanaand, Here, en laat iemand daarbuite genoeg geloof hê om U aan te raak, soos ek myself aan U oorgee, dat U dieselfde woorde vir my kan sê, soos U het vir die vrou wat die bloedvloeiing gehad het. [Leë kol op band—Red.]

242 . . . Jesus Christus, dat Hy nie twee voet staan van waar ek nou is nie, daardie selfde Lig. En ek neem elke gees hierbinne onder die beheer van die Heilige Gees, tot die eer van God. Nou wees stil, moenie beweeg nie, want demone gaan van een na die ander, en ons weet dit. [Leë kol op band—Red.] . . . en dieselfde ding doen. As jy nie wil kom nie, sê dan niks verkeerd Daarteen van nou af nie, want jy sal die Heilige Gees laster en jou siel sonder genade na die hel toe stuur. Kom ons bid, buig . . . [Leë kol op band.]

. . . net hier, kyk na my. Julle sien . . . [Leë kol op band—Red.]

243 . . . het iets op sy neus, naby sy oog, dis 'n klein vergroeiseltjie soort van 'n ding. Hy's bang daarvoor, want dit bly kom en gaan, afdop. Hy's 'n prediker van die Evangelie. Ek het hom nog nooit in my lewe gesien nie, en ken hom nie. Het jy 'n gebedskaartjie, meneer? Jy het nie een nie? Is daardie dinge die waarheid? Steek jou hand op as hulle die waarheid is.

Dan, wil ek julle almal iets vra. [Leë kol op band—Red.]

" . . . Ek het kanker." Is daardie . . . ? Hoe kon ek vir hom sê waaroor hy gebid het, en wat . . . ? [Leë kol op band.]

244 Hier, 'n jong vrou wat na my kyk, wat net hier sit, na my kyk, ver agter, omtrent die tweede persoon in, in hierdie ry hier, sy ly aan 'n hoofpyn, iets soos 'n migraine hoofpyn. Behalwe dit, is jy 'n vroueprediker. As dit reg is, steek jou hand op. Ek verklaar jou genees, in die Naam van Jesus Christus, wat die Hoëpriester aangeraak het.

245 Daar's 'n middeljarige vrou wat ver agter aan die agterkant sit, sy het 'n blou jas aan met wit versierings daarop, met 'n blou hoed op, wat ly aan 'n galblaastoestand. As jy met jou hele hart sal glo, dame, mag jy jou genesing ontvang. Staan op jou voete. As ek jou nie ken nie, waai jou hande. As daardie dinge waar is, wat deur die Gees gesê is, waai jou hande. Dan verklaar ek jou genees, in die Naam van Jesus Christus.

246 Wat van oorkant in hierdie gedeelte? Hier's 'n vroutjie wat hier sit, wat na my kyk, net hierbuite, rooi jas, Lig bo haar, sy ly aan 'n nierprobleem. Staan op jou voete. Jy het gebid: "Here, laat hom my roep." As dit reg is, steek jou hand op. As ek 'n vreemdeling vir jou is, waai jou hand. Ek verklaar jou genees, in die Naam van Jesus Christus.

247 Die Messias, die Seun van God, Hy is die Een wat dit sê.

248 Nou wil ek julle mense iets vra, Metodiste, Baptiste, Katolieke, en Presbiteriane, as hierdie Pinkstermense verkeerd is, wat in tale praat, ensovoorts, waarom word die Messias voorgestel, wat die teken van Sy opstanding wys?

249 Hoeveel sal Hom as persoonlike Verlosser ontvang, en gevul wil word met Sy Gees? Kom hiernatoe rondom die altaar net nou, julle wat julle hande opgesteek het, gaan hiernatoe. Julle wat Hom nie ken, en nie hierdie Ewige Lewe het nie, kom nou, terwyl ons op ons voete staan en sing. Kom net nou. ("Ek het Hom lief, ek het Hom lief omdat Hy eerste . . . ") Het julle Hom lief? Wil julle dit sê?

Ek het Hom lief, ek het Hom lief

Kom, elke siel, kom.

Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

Almal wat Hom nie ken as julle Verlosser nie, nie die Heilige Gees ontvang het nie, waarom wil julle nie kom nie? Wat nog . . . ?

250 Onthou, laat ek vir julle sê, SO SPREEK DIE GEES VAN GOD WAT OP MY IS: Hierdie is die laaste teken aan die Heidense Kerk voor die Wegraping.

251 SO SPREEK DIE WOORD VAN GOD, SO SPREEK DIE HEILIGE GEES WAT SPREEK, WAT DIE GEHEIM VAN DIE HART KEN, SO SPREEK DIE HERE: Julle ontvang julle laaste oproep.

252 Noem my *fanatikus* as julle wil en laster die Heilige Gees. Kom nou as jy nie gereed is om Hom te ontmoet in die Wegraping nie. Ek daag uit, ek vra, ek oortuig, ek smeek: Kom nou!

Ek het Hom lief, ek het Hom lief

253 Waarom wil julle nie staan, en Sy Teenwoordigheid wat so naby is nie? Al julle studente hier van hierdie kollege wat nie die Heilige Gees het nie, kom jong mans, jong vroue, kom af ondertoe soos hierdie, dis reg.

. . . verlossing
Op Gólgota's boom.

Ek het Hom lief, ek . . .

254 Kom nou, kom. Hierdie is die laaste oproep, mag die laaste een wees wat jy ooit in jou lewe sal hoor, môre-aand mag te laat wees vir jou.

> . . . my

255 Louwarm kerklidmate, sal julle nie kom nie? Moenie die baster vertrou nie, dit sal nie opstaan in die opstanding nie, dit kan nie weer terugkom nie. Kom, kry 'n ware ondervinding. Gaan terug na jou kerk, Metodis, Baptis, Presbiteriaan, waar jy ook al is, gaan terug soontoe, maar kom word nou gebore, kom, kry die ware Heilige Gees.

> Ek . . .

Bo in die balkonne, ons wag.

> Ek het Hom lief
> Omdat Hy my eerste liefgehad het
> En my verlossing gekoop het
> Op Gólgota's boom.

256 Nou, vriende, moet Hom nie weier nie. Ek wil julle iets vra. Sal jy ooit, in jou hele lewe, ooit by enige plek kom waar jy die onvervalste Woord sien, met God wat reg na daardie Woord kom en Homself bewys dat Hy hier is? Nou, daar's meer van julle daarbuite. Dieselfde God wat vir my kon sê wat verkeerd is met jou, ek weet wat verkeerd is met jou, deur Sy genade, deur Sy openbaring. Baie meer moet hier staan. Nog een keer sal ek sing. En onthou, by die Oordeelsdag wanneer ek julle ontmoet, is julle bloed nie op my nie. Julle is welkom om te kom.

> Ek het Hom lief . . .

Moenie 'n kans vat nie.

> Omdat Hy my eerste liefgehad het
> En my verlossing gekoop het
> Op Gólgota's . . .

Kom af, skat, daardie kant toe.

> . . . boom.

257 Kindertjies wat kom, huil, hulle het nie hulle harte deur ou *True Story* tydskrifte, ensovoorts, so laat verhard nie, hulle is nie verhard nie.

Komaan, skat, staan net reg hierbo. Persoonlike werkers sal hier wees, net binne 'n oomblik.

258 En ek wil nie hê julle moet weggaan saam met persoonlike werkers voor ek self vir hierdie mense bid nie. Ek wil vir hulle bid, en hierdie broers.

259 Vriend, kan jy sien? Een van daardie dinge in Afrika sou gebeur, sou duisende, maal duisende na die altaar toe stroom.

260 Nou, ek gaan julle iets vra. Ek wil hê julle moet julle hoof buig, buite in die gehoor. En ek vra julle, in die Naam van Jesus

Christus, in Wie se Teenwoordigheid julle staan, as jy nie die Heilige Gees ontvang het nie, al kom jy nie op nie, moet jy nie . . . Ek wil hê julle moet so eerlik wees met my, en met God, en God sal julle sekerlik laat skuldig voel, as jy nie die Heilige Gees ontvang het nie, steek jou hand op, almal wat nie het nie.

(Ek wil hê julle moet kyk. Sien? Nou, dit wys of onderskeiding reg is of nie, sien. Dis daar. Sien? Dis net, miskien is die dag verby.)

Ek wil hê die persoonlike werkers moet naderstap en nou naby staan. As die ander sou wou naderstap, kom saam.

> . . . ek het Hom lief
> Omdat Hy my eerste liefgehad het
> En gekoop . . .

Baie kom saam met die persoonlike werkers, dis goed.

> . . . verlossing
> Op Gólgota's boom.

261 Dink daaraan, vriende, in die dae wanneer nasies nie weet wat om te doen nie, ons volk, en hierdie wêreld is op 'n kruitvat, julle weet dit, nie 'n kruitvat nie, maar 'n atoombom, julle gaan na *hierdie* kerk toe, julle gaan na *daardie* kerk toe, julle hardloop soontoe, het die Bybel nie gesê in die laaste dae sal daar 'n hongersnood kom vir die aanhoor van die ware Woord van God, mense sou gaan van oos, wes, noord, en suid op soek na die ware Woord van God, nie? En hier vanaand, deur dit uit die Bybel te hoor, met die einste Heilige Gees wat die Bybel hier geskryf het, wat bewys dat Hy die lewende Jesus is net hier by ons vanaand, hoe kan julle Hom weier?

262 En ek wil vir julle sê wat gekom het, Jesus het gesê: "Niemand kan kom, tensy My Vader hom trek nie." Nou, dit was God ons Vader wat langs jou gestaan het wat jou na hierdie platvorm toe gebring het. "Hy wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek bely voor My Vader, en die heilige Engele." Ek gaan vir julle bid voor ons na die—na die kamer toe gaan.

263 Ons Hemelse Vader, hierdie dierbare, kosbare, sterflike mense wat eet, drink, hulle families en hulle geliefdes liefhet, soos enige ander normale menslike wese, hulle mag groot dinge in hulle lewens gedoen het, hulle mag baie besluite geneem het, maar nooit het hulle een gemaak soos net wat hulle pas gemaak het, om te kom en gevul te word met God se Heilige Gees nie. Ek bid, Hemelse Vader, dat elkeen van hulle die Heilige Gees van God sal ontvang, Wat nou hier is. Ek bid . . .

61-0411 Maar Dit Was Nie So Van Die Begin Af Nie
Illinois Wesleyaanse Universiteit
Bloomington, Illinois V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org